BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

10c **Vrydag, 29 November 1968** **WINDHOEK** **Friday, 29 November 1968** **No. 2944**

ARGIEF-ARCHIVES - 4 - 12 1968 WINDHOEK

INHOUD

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. 1646 (Republiek) Onbetaamlike, Onwelvoeglike en Aanstootlike goedere — Lys C 57 . . .

No. R.1735 (Republiek) Treinbedryfsregulasies: Wysigingslys . . . . . .

No. 1769 (Republiek) Onbetaamlike, Onwelvoeglike en Aanstootlike goedere — Lys B 75: Verbetering

No. 1770 (Republiek) Ongewenste publikasies en voorwerpe — Lys A 80: Verbetering . . . .

No. R.1781 (Republiek) Regters — Verlof, vervoer en toelaes in verband met vervoer, reis en onderhoud

No. 1786 (Republiek) Onbetaamlike, onwelvoeglike en aanstootlike goedere — Lys B 76 . . .

No. 1787 (Republiek) Ongewenste publikasies en Voorwerpe — Lys A 81 . . . . . .

No. R.1813 (Republiek) Regulasies opgestel kragtens die Wet op Bejaarde Persone, 1967, met betrekking tot Bantoes in die Republiek en Naturelle in Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel . . . . . .

No. R.1814 (Republiek) Regulasies opgestel kragtens die Wet op Blindes 1968, met betrekking tot Bantoes in die Republiek en Naturelle in Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel . . . . . .

No. R.1815 (Republiek) Regulasies opgestel kragtens die Wet op Ongeskiktheidstoelaes 1968, met betrekking tot Bantoes in die Republiek en Naturelle in Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel . . . . . .

No. 1817 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persoon verbied om byeenkomste by te woon . . . . . .

No. 1818 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persoon verbied om byeenkomste by te woon . . . . . .

No. R.1822 (Republiek) Raad op Atoomkrag — Kennisgewing RAK 1/68 . . . . . .

No. R.1823 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persoon verbied om byeenkomste by te woon . . . . . .

No. R.1824 (Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persone verbied om byeenkomste by te woon . . . . . .

CONTENTS

Bladsy/Page

GOVERNMENT NOTICES:

(Republic) Indecent, Obscene and Objectionable Goods — List C 57 3

(Republic) Train Working Regulations: Schedule of Amendment 3

(Republic) Indecent, Obscene and Objectionable Goods — List B 75: Correction 4

(Republic) Undesirable Publications and Objects — List A 80: Correction 4

(Republic) Judges Leave, Transport and Allowances in respect of transport, travelling and subsistence . 5

(Republic) Indecent, Obscene and Objectionable Goods — List B 76 8

(Republic) Undesirable Publications and Objects — List A 81 9

(Republic) Regulations framed under the Aged Persons Act, 1967, in respect of Bantu in the Republic and Natives in South West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel 9

(Republic) Regulations framed under the Blind Persons Act, 1968, in respect of Bantu in the Republic and Natives in South West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel 21

(Republic) Regulations framed under the Disability Grants Act, 1968, in respect of Bantu in the Republic and Natives in South West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel 30

(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person prohibited from attending gatherings . . . 40

(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person prohibited from attending gatherings . . . 40

(Republic) Atomic Energy Board — Notice AEB 1/68 41

(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person prohibited from attending gatherings . . . 57

(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons prohibited from attending gatherings . . . 57

No.	1844	(Republiek) Ovambolandse Trustfondse — Wysiging van die jaarlikse belasting en vasstelling van die ekwivalente waarde daarvan *in natura* ten opsigte van die Ukuanyamastam . . .	(Republic) Ovamboland Trust Funds: Alteration of the annual rate and determination of the equivalent value thereof in kind in respect of the Ukuanyama tribe . 58
No.	R.1865	(Republiek) Wysiging van die Gevangenisregulasies	(Republic) Amendment of the Prison Regulations . 58
No.	R.1867	(Republiek) Wysiging van die Algemene Regulasies vir die S.A. Weermag en die Reserwe .	(Republic) Amendments to the General Regulations for the S.A. Defence Force and the Reserve . . . 59
No.	R.1871	(Republiek) S.A. Spoorweë: Personeelregulasies: Wysigingslys	(Republic) S.A. Railways: Staff Regulations: Schedule of amendment 59
No.	1872	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persoon verbied om byeenkomste by te woon	(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person prohibited from attending gatherings . . . 59
No.	1873	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persone verbied om Byeenkomste by te woon	(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons prohibited from attending gatherings . . . 60
No.	1874	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persoon verbied om byeenkomste by te woon	(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person prohibited from attending gatherings . . . 60
No.	R.1908	(Republiek) Wet op Standaarde 1962: Wysiging van Regulasies: Verbetering . . .	(Republic) Standards Act, 1962: Amendment of Regulations: Correction 60
No.	1910	(Republiek) Ongewenste publikasies en Voorwerpe — Lys A 82	(Republic) Undesirable Publications and Objects — List A 82 61
No.	1911	(Republiek) Onbetaamlike, Onwelvoeglike en aanstootlike goedere — Lys B 77 . . .	(Republic) Indecent, Obscene and Objectionable Goods — List B 77 61
No.	1925	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persoon verbied om Byeenkomste by te woon	(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Person prohibited from attending gatherings . . . 62
No.	1926	(Republiek) Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 1950: Persone verbied of Byeenkomste by te woon	(Republic) Suppression of Communism Act, 1950: Persons prohibited from attending gatherings . . . 62
No.	R.1931	(Republiek) Wysiging van die Burgermagregulasies	(Republic) Amendments to the Citizen Force Regulations 62
No.	R.1932	(Republiek) Wysiging van die Regulasies vir die Staande Mag	(Republic) Amendments to the Regulations for the Permanent Force 63
No.	R.1933	(Republiek) Wysiging van die Kadetkorpsregulasies	(Republic) Amendments to the Cadet Corps Regulations 64
No.	R.1963	(Republiek) Invoerbeheer	(Republic) Import Control 65
No.	1984	(Republiek) Onbetaamlike, Onwelvoeglike en aanstootlike goedere — Lys C 58	(Republic) Indecent, Obcene and Objectionable Goods — List C 58 76
No.	1985	(Republiek) Onbetaamlike, Onwelvoeglike en aanstootlike goedere — Lys B 78	(Republic) Indecent, Obcene and Objectionable Goods — List B 78 76
No.	1986	(Republiek) Ongewenste publikasies en Voorwerpe — Lys A 83	(Republic) Undesirable publications and objects — List A 83 76

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Government Notices.

The following Gowernment Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1646. 20 September 1968.

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE: LYS No. C.57.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (*b*) van artikel *eenhonderd en dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere aanstootlik is:—

1. *Neue Heimat*, No. 3, 1968, en alle daaropvolgende uitgawes/*and all ensuing editions.*

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter: Raad van Beheer oor Publikasies.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 1646. 20 September 1968.

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS: LIST C.57.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (*b*) of section *one hundred and thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:—

A. J. VAN WYK,
for Chairman: Publications Control Board.
20-27

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS.

No. R. 1735. 27 September 1968.

TREINBEDRYFSREGULASIES.

WYSIGINGSLYS.

Regulasie 23 word hierby gewysig deur subklousule (2) (*a*) en (*b*) deur die volgende te vervang:—

(2) *Inagneming.*—(*a*) (i) Wanneer 'n drywer vind dat 'n outomatiese sinjaal op „ gevaar " is of geen aspek hoegenaamd vertoon nie, moet hy sy trein by daardie sinjaal tot stilstand bring en minstens drie minute daar wag. As die sinjaal na verloop van minstens drie minute nog die aspek „ gevaar " vertoon of geen aspek vertoon nie, mag die drywer, mits die lyn vorentoe vry is sover as hy kan sien, versigtig by die sinjaal verbyry, en hy moet gereed wees om sy trein op 'n veilige afstand van enige versperring tot silstand te bring op enige plek tussen die sinjaal wat hy pas op „ gevaar " verbygegaan het en die eersvolgende sinjaal. Hy moet boonop die snelheid van sy trein so reguleer dat hy sy trein tot stilstand kan bring binne die afstand wat hy voor hom kan sien. [Kyk regulasie 101 (9).]

(ii) Die bepalings van paragraaf (*a*) (i) is ook van toepassing wanneer 'n outomatiese sinjaal wat op „ gevaar " is of geen aspek hoegenaamd vertoon nie, nie die verligte letter A op die gewone wyse vertoon nie. In sulke gevalle moet die drywer seker maak dat dit 'n outomatiese sinjaal is. In die geval van 'n seinhuis wat gedurende bepaalde tydperke gesluit word, moet die drywer 'n lid van die treinpersoneel na die seinhuis stuur om vas te stel dat dit wel gesluit is.

(*b*) Nadat 'n drywer by 'n outomatiese sinjaal verbygery het wat op „ gevaar " is of geen aspek hoegenaamd vertoon nie, moet hy voortdurend versigtig wees onderwyl hy na die eersvolgende sinjaal ry, en al vertoon daardie sinjaal die aspek „ ry ", moet hy nietemin gereed wees om sy trein op 'n veilige afstand van 'n versperring tot stilstand te bring, totdat hy by daardie sinjaal aankom. As die volgende sinjaal die aspek „ ry " vertoon wanneer die drywer daar aankom, moet hy dienooreenkomstig voortgaan, maar as daardie sinjaal ook 'n outomatiese sinjaal is en dit die aspek „ gevaar " vertoon, of geen aspek hoegenaamd vertoon nie, moet hy die gedragslyn volg soos bepaal in paragraaf (*a*) hiervan.

DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS.

No. R. 1735. 27 September 1968.

TRAIN WORKING REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENTS.

Regulation 23 is hereby amended by the substitution of the following for subclause (2) (*a*) and (*b*):—

(2) *Observance.*—(*a*) (i) When a driver finds an automatic signal at " danger ", or not showing any aspect at all, he must bring his train to a standstill at that signal and wait thereat at least three minutes. If at the expiration of at least three minutes the signal still shows " danger ", or an aspect does not appear, the driver may, provided the line is clear as far as he can see, proceed cautiously past the signal, and he must be prepared to bring his train to a standstill at a safe distance from any obstruction, at any point between the signal just passed at " danger " and the next signal in advance. He must also regulate the speed of his train so as to be able to bring his train to a standstill within the distance he can see ahead. [See regulation 101 (9).]

(ii) The terms of paragraph (*a*) (i) also apply in the event of the illuminated letter " A " not being displayed in the usual manner by an automatic signal at " danger ", or not showing any aspect at all. In such cases the driver must satisfy himself that it is an automatic signal. In the case of a signal cabin which is closed during certain periods, the driver must send one of the train staff to the signal cabin to establish that it is closed.

(*b*) After passing an automatic signal which is at " danger " or not showing any aspect at all, the driver must continue to exercise caution when proceeding to the next signal in advance, and even though that signal may be showing " proceed ", he must, nevertheless, be ready to bring his train to a standstill clear of any obstruction until he arrives at that signal. If the next signal reached shows " proceed ", the driver must proceed accordingly, but if that signal is also an automatic signal and it is at " danger ", or is not showing any aspect at all, the driver must observe the procedure laid down in paragraph (*a*) hereof.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 1769 4 October 1968

Customs Act, 1964.—Indecent, Obscene and Objectionable Goods: List No. B75: Correction.

In Government Notice No. 1647, dated the 20th September 1968, in item 1 the word " African " should read " Africa ".

No. 1770 4 October 1968

Publications and Entertainment Act, 1963.—Undesirable Publications and Objects.—List No. A80: Correction.

In Government Notice No. 1648, dated the 20th September 1968, in item 1 the word " Spry " should read " Spy ".

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1769 4 Oktober 1968

Doeanewet, 1964.—Onbetaamlike, Onwelvoeglike en Aanstootlike Goedere: Lys No. B75: Verbetering.

In Goewermentskennisgewing No. 1647, gedateer 20 September 1968, in item 1 die woord „ African " moet „ Africa " lees.

No. 1770 4 Oktober 1968

Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963.—Ongewenste Publikasies en Voorwerpe.—Lys No. A80: Verbetering.

In Goewermentskennisgewing No. 1648 gedateer 20 September 1968 in item 1 die woord „ Spry " moet „ Spy " lees.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 1781 4 October 1968

JUDGES.—LEAVE, TRANSPORT AND ALLOWANCES IN RESPECT OF TRANSPORT, TRAVELLING AND SUBSISTENCE

The State President has been pleased to make the following regulations by virtue of section 4 of the Judges' Salaries and Pensions Act, 1959 (Act No. 73 of 1959):—

1. (1) In these regulations, unless the context otherwise indicates—

(i) "division" means a division of the Supreme Court of South Africa;

(ii) "effects" means household or personal effects;

(iii) "headquarters" means the seat of the division in which a judge is permanently appointed or in the case of the Witwatersrand Local Division and Durban and Coast Local Division such place as may be assigned by the Minister to a particular judge as his headquarters;

(iv) "Minister" means the Minister of Justice and in regard to regulation 13, includes an officer acting on his authority;

(v) "judge president" includes the senior judge of the Griqualand West Local Division for as long as no judge president has been appointed for that Division;

(vi) "leave" means leave with full pay unless expressly otherwise indicated.

(2) For the purposes of these regulations a judge shall be deemed to be resident at his headquarters.

Leave

2. (1) Court recesses shall as far as possible be utilised by judges for leave purposes.

(2) The Chief Justice or the judge president shall determine prior to the commencement of a recess how many and which judges are to perform the duties in his division during the recess and shall grant leave to the judges not required to perform such duties, on such conditions as he may deem necessary: Provided that a judge shall not leave the Republic of South Africa during such leave without the permission of the Chief Justice or the judge president.

3. (1) The Minister may on the recommendation of the Chief Justice or the judge president concerned grant leave to a judge for a period of four and a half months for every period of four years actual service completed by such judge. Uninterrupted service as an acting judge immediately preceding service in a permanent capacity shall be, for the purposes of this regulation, regarded as actual service.

(2) If a judge waives in writing his right to unreduced remuneration in terms of section 10 (1) (*a*) of the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959), the Minister may in terms of subregulation (1) grant a judge additional leave on half pay for the period of one and a half months.

(3) When considering applications for leave the Chief Justice or the judge president concerned shall endeavour to make such arrangements as to obviate as far as possible the necessity for making acting appointments.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 1781 4 Oktober 1968

REGTERS—VERLOF, VERVOER EN TOELAES IN VERBAND MET VERVOER, REIS EN ONDERHOUD

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 4 van die Wet op Salarisse en Pensioene van Regters, 1959 (Wet No. 73 van 1959), die volgende regulasies uit te vaardig:—

1. (1) In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „afdeling" 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika;

(ii) „besitting" huishoudelike of persoonlike besittings;

(iii) „hoofkwartier" die setel van die afdeling waarin 'n regter permanent aangestel is of, in die geval van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling en Plaaslike Afdeling Durban en Kus, die plek wat as hoofkwartier van 'n bepaalde regter deur die Minister aangewys word;

(iv) „Minister" die Minister van Justisie en, met betrekking tot regulasie 13, ook 'n beampte wat op sy gesag handel;

(v) „regter-president" ook die senior regter van die Plaaslike Afdeling Griekwaland-Wes, solank as wat daar nie 'n regter-president vir daardie Afdeling aangestel is nie;

(vi) „verlof" verlof met volle betaling tensy uitdruklik anders bepaal word.

(2) Vir doeleindes van hierdie regulasies word 'n regter geag by sy hoofkwartier woonagtig te wees.

Verlof

2. (1) Hofresesse word sover moontlik deur regters vir verlofdoeleindes aangewend.

(2) Die Hoofregter of die regter-president bepaal voor die aanvang van 'n reses hoeveel en watter regters die werksaamhede in sy afdeling gedurende die reses moet waarneem en staan verlof aan die regters wat nie sodanige werksaamhede moet waarneem nie toe op dié voorwaardes wat hy nodig ag: Met dien verstande dat 'n regter nie die Republiek van Suid-Afrika tydens sodanige verlof sonder die toestemming van Hoofregter of die regter-president mag verlaat nie.

3. (1) Die Minister kan op aanbeveling van die Hoofregter of die betrokke regter-president vir elke tydperk van vier jaar werklike diens deur 'n regter voltooi, verlof vir 'n tydperk van vier en 'n half maande aan sodanige regter toestaan. Ononderbroke diens as waarnemende regter wat diens in 'n permanente hoedanigheid onmiddellik voorafgaan, word vir doeleindes van hierdie regulasie as werklike diens beskou.

(2) Indien 'n regter skriftelik afstand doen van sy reg op onverminderde besoldiging ingevolge artikel 10 (1) (*a*) van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), kan die Minister ingevolge subregulasie (1) addisionele verlof vir 'n tydperk van een en 'n half maand met halfbetaling aan 'n regter toestaan.

(3) By die oorweging van aansoeke om verlof poog die Hoofregter of die betrokke regter-president om sodanige reëlings te tref dat die noodsaaklikheid van die aanstelling van waarnemende regters sover moontlik uitgeskakel word.

4. If according to a certificate of a medical practitioner it appears that owing to illness a judge cannot perform his duties for a period specified in the certificate the Minister may grant sick leave for such period.

5. If in exceptional circumstances the Minister is satisfied that leave for which no provision has been made in these regulations should in a specific case in all fairness be granted, he may grant such leave on such conditions as he may deem necessary.

6. (1) No leave which may be granted in terms of these regulations shall be accumulative and no salary or allowance may be claimed in respect of leave which could have been taken but which was not utilised.

(2) No leave in terms of regulation 3 shall be granted to a judge in contemplation of retirement.

7. (1) The Chief Justice or the judge president shall keep a record of leave granted by him in terms of regulation 2.

(2) The Secretary for Justice shall keep a record of leave approved by the Minister.

8. Regulations 2 to 7 inclusive shall not apply to any person appointed as a judge in an acting capacity.

Transport and Transport, Travelling and Subsistence Allowances

9. (1) A judge required to perform official duties away from his headquarters may make use of government transport. If a judge uses his privately owned transport in such circumstances he may be compensated according to the relevant tariff prescribed from time to time in terms of section 26 (1) of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957).

(2) The spouse of a judge who accompanies him on circuit court may travel at State expense on condition that she uses the same vehicle. The spouse of the Chief Justice is entitled to accompany him on official journeys at State expense.

(3) The Chief Justice or a judge on circuit court duties may make use of a private railway saloon, if available.

(4) When a judge travels officially in a private railway saloon, he may take one servant with him who shall be remunerated from public funds at the rate of R1 per day or part of a day in the case of a White person, and 40 cents per day or part of a day in the case of a non-White person. Non-White servants shall travel second class. If a judge is not accompanied by a servant, incidental expenses for the employment of casual servants may be refunded to him from public funds, provided such expenses do not exceed the aforementioned rates. In addition, the wages of one railway servant or, in the case where a judge is not accompanied by a servant, two railway servants (chef and scullion) and all expenses incurred in connection with the supply of electricity, water, fuel and sanitary services to such railway carriage may be paid from public funds.

(5) The registrar of the division concerned shall make all arrangements in connection with the transport of a judge.

10. (1) A judge who is officially away from his headquarters shall be entitled to an all-inclusive subsistence allowance of R11 for every 24 hours actually absent from his headquarters: Provided that where accommodation

4. Indien dit volgens 'n sertifikaat van 'n geneesheer blyk dat 'n regter weens siekte vir 'n tydperk daarin gemeld nie sy pligte kan vervul nie kan die Minister siekteverlof vir sodanige tydperk toestaan.

5. Indien die Minister in buitengewone omstandighede oortuig is dat verlof in 'n bepaalde geval waarvoor daar nie in die regulasies voorsiening gemaak is nie, billikheidshalwe toegestaan behoort te word, kan hy sodanige verlof toestaan op dié voorwaardes wat hy nodig ag.

6. (1) Geen verlof wat kragtens hierdie regulasies toegestaan kan word, is oplopend nie en geen salaris of toelae mag ten opsigte van verlof wat geneem kon gewees het maar waarvan nie gebruik gemaak is nie, geëis word nie.

(2) Geen verlof word ingevolge regulasie 3 aan 'n regter met die oog op uitdienstreding toegestaan nie.

7. (1) Die Hoofregter of die regter-president hou 'n register van alle verlof wat ingevolge regulasie 2 deur hom toegestaan is.

(2) Die Sekretaris van Justisie hou 'n register van alle verlof wat deur die Minister goedgekeur is.

8. Regulasies 2 tot en met 7 is nie van toepassing op iemand wat in 'n waarnemende hoedanigheid as regter aangestel is nie.

Vervoer en Vervoer-, Reis- en Onderhoudstoelaes

9. (1) 'n Regter wat amptelike diens weg van sy hoofkwartier moet verrig, kan van staatsvervoer gebruik maak. Indien 'n regter in sodanige omstandighede van sy private vervoer gebruik maak, kan hy vergoed word volgens die tersaaklike tarief wat van tyd tot tyd ingevolge artikel 26 (1) van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), voorgeskryf word.

(2) Die eggenote van 'n regter wat hom op rondgaande hof vergesel, kan op staatskoste reis mits sy van dieselfde voertuig gebruik maak. Die eggenote van die Hoofregter is geregtig om hom op staatskoste op amptelike reise te vergesel.

(3) Die Hoofregter of 'n regter op rondgang kan van 'n private spoorwegsalon gebruik maak, indien dit beskikbaar is.

(4) Wanneer 'n regter amptelik in 'n private spoorwegsalon reis, kan hy een bediende met hom saamneem wat uit staatsgelde besoldig kan word teen 'n tarief van R1 per dag of gedeelte van 'n dag in die geval van 'n Blanke en 40c per dag of gedeelte van 'n dag in die geval van 'n nie-Blanke. Nie-Blanke bediendes reis tweedeklas. Indien 'n regter nie deur 'n bediende vergesel word nie, kan toevallige uitgawes vir die indiensneming van los werknemers aan hom uit staatsgelde vergoed word, mits sodanige uitgawes nie voormelde bedrae oorskry nie. Daarbenewens kan die lone van een spoorwegbediende of, in die geval waar 'n regter nie deur 'n bediende vergesel word nie, twee spoorwegbediendes (kok en skottelgoedwasser) asook alle uitgawes aangegaan in verband met die verskaffing van elektrisiteit, water, brandstof en sanitêre geriewe aan die spoorwegsalon uit staatsgelde bestry word.

(5) Die griffier van die betrokke afdeling tref alle reëlings in verband met die vervoer van 'n regter.

10. (1) 'n Regter wat amptelik van sy hoofkwartier afwesig is, is geregtig op 'n allesinsluitende onderhoudstoelae van R11 vir elke 24 uur van werklike afwesigheid

and subsistence are included in the transport supplied at State expense, the subsistence allowance shall be R2 per day. The allowance for part of a day shall be calculated proportionately according to the number of hours of absence.

(2) The subsistence allowance mentioned in subregulation (i) may also be paid in respect of short periods during which a judge returns to his headquarters, provided that he travels at his own expense and his commitments in respect of accommodation continue at the place where he performs official duties.

11. The following allowances shall be payable to judges (including the Chief Justice) of the Appelate Division:—

(*a*) If resident in Bloemfontein, R80 per month: Provided that the allowance in respect of the Chief Justice shall be payable only for so long as he has not been supplied with an official residence at Bloemfontein.

(*b*) If resident elsewhere than Bloemfontein, R145 per month: Provided that such judge shall be entitled to payment of the allowance only in respect of periods of service actually performed at Bloemfontein and that the total amount so claimed shall not exceed R800 in any year. In respect of periods of less than one month, the allowance shall be calculated in proportion to the period of service.

12. On all claims for the payment of allowances in terms of these regulations the nature of the services, exact time of departure and arrival and such other information as may be necessary to calculate the amount payable shall, where applicable, be stated. Such claim shall be signed by the judge or his clerk after the information contained therein has been confirmed by the judge.

13. (1) When a judge of one division is permanently appointed in another division, or when a person is appointed as a judge and his headquarters are not situated at the place where he resides when appointed, the cost of the transport of such judge or person, his family, domestic servants and effects to his new headquarters shall be paid from public funds, subject to the condition that the cost of transport in respect of the judge or person, his family and White servants does not exceed the cost of first-class train tickets at government tariff, and in the case of non-White servants the cost of second-class train tickets at government tariff, unless authority for the use of other transport has been given by the Minister.

(2) Where effects have to be conveyed the registrar of the division from which such effects are to be transported shall obtain written tenders from at least six transport contractors for the packing, loading, unloading and unpacking of the effects for transport by train, and should the judge or person concerned so prefer, for the transport thereof by road. The lowest tender for the packing, loading, unloading and unpacking of the effects shall be accepted: Provided that the lowest tender for transport by road may be accepted if it is more economical having regard to the railway tariff at concession rates. The Minister may, however, approve the acceptance of a higher tender if in his opinion there are good reasons for the rejection of the lowest tender.

(3) The State shall not be responsible for any insurance premiums: Provided that premiums in respect of insurance coverage for transport by road may be paid from public funds if the lowest tender for road transport includes such premiums as an integral part thereof.

van sy hoofkwartier: Met dien verstande dat waar huisvesting en onderhoud inbegrepe is by vervoer wat op staatskoste verskaf word, die onderhoudstoelae R2 per dag bedra. Die toelae vir 'n gedeelte van 'n dag word na verhouding volgens die getal ure afwesig bereken.

(2) Die onderhoudstoelae in subregulasie (1) genoem, kan ook betaal word ten opsigte van kort tydperke wat 'n regter na sy hoofkwartier terugkeer, mits hy op eie koste reis en sy verpligtinge ten opsigte van huisvesting op die plek waar hy sy ampspligte verrig, voortduur.

11. Aan regters van die Appèlafdeling (met inbegrip van die Hoofregter) is die volgende toelaes betaalbaar:—

(*a*) Indien in Bloemfontein woonagtig, R80 per maand: Met dien verstande dat die toelae ten opsigte van die Hoofregter slegs betaalbaar is solank as wat daar nie 'n amptelike woning of Bloemfontein vir hom verskaf is nie;

(*b*) indien elders as in Bloemfontein woonagtig, R145 per maand: Met dien verstande dat sodanige regter op betaling van die toelae geregtig is slegs ten opsigte van tydperke van diens wat werklik te Bloemfontein verrig is en dat die totale bedrag wat geëis word nie R800 in enige jaar oorskry nie. Vir tydperke van minder as 'n maand word die toelae na verhouding van die tydperk van diens bereken.

12. In alle eise vir die betaling van toelaes ingevolge hierdie regulasies, moet, waar toepaslik, die aard van die dienste, die presiese tyd van vertrek en aankoms en sodanige ander inligting wat nodig is om die bedrag betaalbaar te bereken, gemeld word. Sodanige eis word deur die betrokke regter onderteken of deur sy klerk nadat die inligting daarin vervat deur die regter bevestig is.

13. (1) Wanneer 'n regter van een afdeling permanent in 'n ander afdeling aangestel word of wanneer 'n persoon as regter aangestel word en sy hoofkwartier nie op die plek geleë is waar hy by aanstelling woonagtig is nie, word die koste verbonde aan die vervoer van sodanige regter of persoon, sy gesin, huisbediendes en besittings, na sy nuwe hoofkwartier uit staatsgelde bestry, behoudens die voorwaarde dat die vervoerkoste ten opsigte van die regter of persoon, sy gesin en Blanke bediendes nie die koste van eersteklastreinkaartjies en in die geval van nie-Blanke bediendes, van tweedeklastreinkaartjies teen staatstarief oorskry nie, tensy magtiging vir die gebruik van ander vervoer deur die Minister verleen is.

(2) Waar besittings vervoer moet word, vra die griffier van die afdeling waarvandaan sodanige besittings vervoer moet word, skriftelike tenders van minstens ses vervoerkontrakteurs vir die verpakking, laai, aflaai en ontpakking van die besittings vir vervoer per trein en, indien die betrokke regter of persoon dit verlang, vir die vervoer daarvan per pad. Die laagste tender vir die verpakking, laai, aflaai en ontpakking van die besittings word aanvaar: Met dien verstande dat die laagste tender vir vervoer per pad aanvaar kan word indien dit meer ekonomies sal wees, met inagneming van die spoorgeld teen konsessietarief. Die Minister kan egter die aanvaarding van 'n hoër tender goedkeur indien daar na sy mening goeie redes bestaan vir die verwerping van die laagste tender.

(3) Die Staat is nie verantwoordelik vir enige assuransiepremies nie: Met dien verstande dat premies ten opsigte van assuransiedekking by die vervoer van besittings per pad uit staatsgelde betaal kan word indien die laagste padvervoertender sodanige premies as 'n integrerende deel daarvan insluit.

(4) Not more than two motor vehicles of a judge or person mentioned in subregulation (1) shall be transported by goods train at State expense, provided that they are transported at owner's risk. Incidental expenses for the loading and unloading of the vehicle or vehicles to a maximum of R4 may be reimbursed from public funds.

(5) Unless the Minister gives permission within the undermentioned period for the postponement of the transport of the effects mentioned in this regulation, such effects shall be transported within two months of the transfer or appointment of the judge concerned.

(6) The Minister may in exceptional cases approve that the effects of a judge or person mentioned in subregulation (1) be transported at State expense and be stored in a storehouse at his previous headquarters or residence or at his new headquarters for not more than six months and thereafter be transported to his new residence provided the registrar concerned calls for at least six tenders for the execution of the services and the lowest tender is accepted. The Minister may, however, approve the acceptance of a higher tender if in his opinion there are good reasons for the rejection of the lowest tender.

14. On the retirement or death of a judge his effects may be transported at State expense to any place in the Republic of South Africa or in South West Africa, where he or his widow, as the case may be, is to settle, in which case the provisions of regulation 13 shall *mutatis mutandis* apply. Such transport shall, however, be effected not earlier than two months prior to and not later than six months after the date of retirement and in the case of death not later than six months after the date of death.

15. Government Notices Nos. 1036 dated 9th May 1952, 1117 dated 29th May 1953, 1497 dated 27 September 1957 and 161 dated 30th June 1961, are hereby withdrawn.

(4) Hoogstens twee motorvoertuie van 'n regter of persoon in subregulasie (1) genoem, mag per goederetrein op staatskoste vervoer word mits dit op die eienaar se eie risiko geskied. Toevallige uitgawes by die laai of aflaai van die voertuig of voertuie tot 'n maksimum van R4 kan uit staatsgelde vergoed word.

(5) Tensy die Minister binne ondergemelde tydperk toestemming verleen vir die uitstel van die vervoer van besittings in hierdie regulasie vermeld, moet sodanige besittings binne twee maande na die oorplasing of aanstelling van die betrokke regter vervoer word.

(6) Die Minister kan in uitsonderlike gevalle goedkeur dat die besittings van 'n regter of persoon in subregulasie (1) vermeld op staatskoste vervoer en by sy vorige hoofkwartier of tuiste of by sy nuwe hoofkwartier in 'n pakhuis opgeberg word vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en daarna na sy nuwe tuiste vervoer word, mits die betrokke griffier minstens ses tenders vir die uitvoering van die dienste vra en die laagste tender aanvaar word. Die Minister kan egter die aanvaarding van 'n hoër tender goedkeur indien daar na sy mening goeie redes bestaan vir die verwerping van die laagste tender.

14. By die uitdienstreding of afsterwe van 'n regter kan sy besittings na enige plek in die Republiek van Suid-Afrika of in Suidwes-Afrika waar hy of sy weduwee, na gelang van die geval, hom of haar gaan vestig, op staatskoste vervoer word en dié geval is die bepalings van regulasie 13 *mutatis mutandis* van toepassing. Sodanige vervoer moet egter nie vroeër as twee maande voor en nie later as ses maande na die datum van uitdienstreding en, in die geval van afsterwe, nie later as ses maande na die datum van afsterwe, geskied nie.

15. Goewermentskennisgewings Nos. 1036 van 9 Mei 1952, 1117 van 29 Mei 1953, 1497 van 27 September 1957 en 161 van 30 Junie 1961 word hierby ingetrek.

No. 1786 4 October 1968

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONABLE GOODS: LIST No. B.76.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by subsection (3) (*a*) of section *one hundred and thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are objectionable:—

	Publication/Publikasie	*By/Deur*
1.	*Again Peyton Place*	Roger Fuller.
2.	*Americas After Dark, The*	Edited by Eugene Cramond.
3.	*Come Back to Bed, Baby*	Morgan Greer.
4.	*Der Agent der aus den Wolken Fiel*	John Gardner.
5.	*English Concubine*	Jonathan Quayne.
6.	*Escort* (Magazine) July, published by/uitgegee deur City Magazines Ltd, London E.C. 4	—
7.	Films: 8mm/Rolprente: 8 mm—	
	Cat Girl, No. E.19—Harrison Marks Presentations.	
	China Garden—featuring June Palmer, No. 76—Harrison Marks Presentations.	
	The Four Poster—featuring Margaret Nolan, No. 109—Harrison Marks Presentations.	
	Teddy Bears Picnic—featuring Nicky Stevens, Standard No. E. 7—Harrison Marks Presentations.	
	Volcano—featuring Monique, Standard No. E. 4—Harrison Marks Presentations.	

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1786 4 Oktober 1968

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE: LYS No. B.76.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (*a*) van artikel *honderd-en-dertien* van die Doeanewet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere aanstootlik is:—

	Publication/Publikasie	*By/Deur*
8.	*Forbidden Women*	Roger James.
9.	*Heel is Born, A*	Carl Driver.
10.	*Husten Sie Mal!* 1969	—
11.	*Il Borghese*, Vol. XLI, No. 27, 4 Luglio 1968. Published and printed/Gedruk en uitgegee in Milano	—
12.	*Lui*, No. 55, July 1968	—
13.	*Pardon*, No. 8, August 1968	—
14.	*Pearl, The—A Journal of Voluptuous Reading*	—
15.	*Sex from A to Z*	Rod Steele.
16.	*Sex 3 Mal Kurz Gelacht*, No. 5	—
17.	*Spass Muss Sein*, No. 29	—
18.	*Square One*	Robin Squire.
19.	*Vicious Virgin*	John Furlough.
20.	*Vinnie*	Albert T. Quandt.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1787 4 October 1968

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS: LIST No. A.81.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by section *eight* of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act No. 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:—

Publication/Publikasie	*By/Deur*
1. *Actor, The*.....	Allan Nixon.
2. *Crown, The*.....	Francis Pollini.
3. *Een Land Apart*.....	Piet Kort.
4. *Exhibitionist, The*.....	Henry Sutton.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1787 4 Oktober 1968

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE: LYS No. A.81.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet No. 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:—

Publication/Publikasie	*By/Deur*
5. *I am Mary Dunne*.....	Brian Mooie.
6. *Kate*.....	Ellen Ryder.
7. *Now I Lay Me Down*.....	Margaret Laurence.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. R.1813.] [4th October, 1968.

REGULATIONS FRAMED UNDER THE AGED PERSONS ACT, 1967, IN RESPECT OF BANTU IN THE REPUBLIC AND NATIVES IN SOUTH-WEST AFRICA, INCLUDING THE EASTERN CAPRIVI ZIPFEL

The Minister of Bantu Administration and Development has in terms of section 20 (1) of the Aged Persons Act, 1967 (Act No. 81 of 1967), read with Proclamation No. R.283 of 1968; and with Proclamation No. R.293 of 1968, made the regulations contained in the Schedule in respect of Bantu in the Republic and Natives in the Territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel, and approved the repeal of Government Notice No. R2080 of 1966.

SCHEDULE

DEFINITIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates:

"applicant" means a Bantu who has applied for an old age pension;

"Bantu" means any person classified as a Bantu under the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950), and includes, in the Territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel, a Native, as defined in section 25 of the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation No. 15 of 1928), of South-West Africa;

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. R.1813.] [4 Oktober 1968.

REGULASIES OPGESTEL KRAGTENS DIE WET OP BEJAARDE PERSONE, 1967, MET BETREKKING TOT BANTOES IN DIE REPUBLIEK EN NATURELLE IN SUIDWES-AFRIKA, MET INBEGRIP VAN DIE OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens artikel 20 (1) van die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet No. 81 van 1967), gelees met Proklamasie No. R.283 van 1968, en met Proklamasie No. R.293 van 1968, die regulasies in die Bylae hiervan vervat ten opsigte van Bantoes in die Republiek en Naturelle in die Gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, uitgevaardig en die herroeping van Goewermentskennisgewing No. R.2080 van 1966 goedgekeur.

BYLAE

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

„applikant" 'n Bantoe wat om 'n ouderdomspensioen aansoek gedoen het;

„Bantoe" iemand wat ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), as 'n Bantoe geklassifiseer is en, in die Gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel ook 'n Naturel soos omskryf in artikel 25 van die Naturelle-administrasie-Proklamasie, 1928 (Proklamasie No. 15 van 1928 van Suidwes-Afrika);

"Bantu Affairs Commissioner" means the Bantu Affairs Commissioner appointed with jurisdiction in terms of section 2 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927);

"the Act" means the Aged Persons Act, 1967 (Act No. 81 of 1967);

"authorized officer" means any officer in the Public Service to whom the Secretary has delegated the performance of certain functions under section 18 (2) of the Act;

"Chief Bantu Affairs Commissioner" means the Chief Bantu Affairs Commissioner appointed with jurisdiction in terms of section 2 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927);

"Minister" means the Minister of Bantu Administration and Development;

"settlement" or "settlement for aged Bantu" includes a home for the aged;

"pension" means an old age pension referred to in section 2 (*c*) of the Act;

"pensioner" means any Bantu granted a pension;

"Secretary" means the Secretary for Bantu Administration and Development;

"two-month period" means every cycle of two months reckoned from 1 March;

"Republic" means the Republic of South Africa, including the Territory of South-West Africa including the Eastern Caprivi Zipfel;

"South African citizen" includes a Native who is a *bone fide* resident of the Territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel.

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A SETTLEMENT FOR AGED BANTU

2. (1) An application by the management of a settlement for aged Bantu for registration of such settlement under section 3 of the Act or for the amendment of a registration certificate shall be submitted to the Bantu Affairs Commissioner in duplicate on a form substantially in the form prescribed in Annexure 1.

(2) Any such application shall be submitted by the Bantu Affairs Commissioner through the Chief Bantu Affairs Commissioner to the Secretary for consideration, together with such Bantu Affairs Commissioner's findings as to whether the buildings, general health facilities and service systems conform to the minimum standards, in accordance with regulation 3, for the accommodation of the proposed number of aged persons.

(3) Upon receipt of the application, the Chief Bantu Affairs Commissioner shall make such further investigations as he may deem necessary and forward the application, together with his comments and recommendation, to the Secretary.

MINIMUM STANDARDS TO BE MET BY SETTLEMENTS FOR AGED BANTU FOR PURPOSES OF REGISTRATION

3. (1) The management of a settlement for aged Bantu shall assume responsibility for the full social care of its residents and shall make provision for—

(*a*) freedom of movement of residents and the necessary social intercourse and facilities to encourage visiting by and to friends and relations;

(*b*) utilisation of leisure, freedom of worship and a pleasant homely atmosphere.

(2) The following requirements shall also be met—

(*a*) in respect of any bedroom—

(i) a floor area of not less than 30 square feet per occupant;

„Bantoesakekommissaris" die Bantoesakekommissaris kragtens artikel 2 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), aangestel met regsbevoegdheid;

„die Wet" die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet No. 81 van 1967);

„gemagtigde beampte" enige beampte in die Staatsdiens aan wie die Sekretaris kragtens artikel 18 (2) van die Wet die uitvoering van sekere funksies gedelegeer het;

„Hoofbantoesakekommissaris" die Hoofbantoesakekommissaris kragtens artikel 2 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), aangestel, met regsbevoegdheid;

„Minister" die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

„nedersetting" of „nedersetting vir bejaarde Bantoes", ook 'n ouetehuis;

„pensioen" 'n ouderdomspensioen in artikel 2 (*c*) van die Wet bedoel;

„pensioentrekker" 'n Bantoe aan wie 'n pensioen toegeken is;

„Sekretaris" die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

„tweemaandtydperk" elke tydkring van twee maande gereken vanaf 1 Maart;

„Republiek" die Republiek van Suid-Afrika, insluitende die Gebied Suidwes-Afrika met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel;

„Suid-Afrikaanse burger" ook 'n Naturel wat 'n *bona fide*-inwoner van die Gebied Suidwes-Afrika met inbegrip van Oostelike Caprivi Zipfel is.

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N NEDERSETTING VIR BEJAARDE BANTOES

2. (1) 'n Aansoek deur die bestuur van 'n nedersetting vir bejaarde Bantoes om die registrasie daarvan kragtens artikel 3 van die Wet of om die wysiging van 'n registrasiesertifikaat word in tweevoud op 'n vorm, wesenlik in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel 1, by die Bantoesakekommissaris ingedien.

(2) Enige sodanige aansoek moet deur die Bantoesakekommissaris deur bemiddeling van die Hoofbantoesakekommissaris aan die Sekretaris vir oorweging voorgelê word, tesame met sodanige Bantoesakekommissaris se bevinding of die geboue, algemene gesondheidsgeriewe en diensstelsels beantwoord aan die minimum standaarde, ooreenkomstig regulasie 3, om die beoogde aantal bejaardes te huisves.

(3) Na ontvangs van die aansoek stel die Hoofbantoesakekommissaris sodanige verdere ondersoek in as wat hy nodig ag, en stuur die aansoek, tesame met sy kommentaar en aanbeveling, aan die Sekretaris.

MINIMUM STANDAARDE WAARAAN NEDERSETTINGS VIR BEJAARDE BANTOES MOET VOLDOEN OM GEREGISTREER TE WORD

3. (1) Die bestuur van 'n nedersetting vir bejaarde Bantoes moet verantwoordelikheid aanvaar vir volledige maatskaplike versorging van sy inwoners en moet voorsiening maak vir—

(*a*) die vryheid van beweging van inwoners en die nodige sosiale verkeer en fasiliteite wat besoek deur en aan vriende en familielede aanmoedig;

(*b*) vryetydsbesteding, onbelemmerde beoefening van godsdiens en 'n aangename huislike atmosfeer.

(2) Daar moet ook aan die volgende vereistes voldoen word—

(*a*) ten opsigte van enige slaaplokaal—

(i) 'n vloeroppervlakte van minstens 30 vk. vt. per inwoner;

(ii) air space of not less than 300 cub. feet per occupant;
(iii) a window area (glazed area) equivalent to 1/10th of the floor area;
(iv) cross-ventilation through one or two windows or a door so placed as to give a draught or cross-ventilation;

(*b*) a minimum height of 8 feet shall be allowed between the floors and ceilings of living-rooms, bedrooms and recreation rooms;

(*c*) there shall be facilities for the hygienic preparation and serving of food, as well as general measures to ensure hygienic housekeeping;

(*d*) precautions shall be taken for the protection of the buildings in which residents are accommodated against fire, veld fires or flood damage;

(*e*) the buildings, bedding and furniture shall be in a good general condition;

(*f*) efforts shall be made to create a pleasant atmosphere in order to make residents feel at home and make their stay pleasant;

(*g*) bedrooms shall be provided with adequate storage facilities for clothing and other personal effects of each resident aged person;

(*h*) suitable ablution facilities and latrines shall be provided for residents;

(*i*) separate ablution facilities and latrines shall be provided for the different sexes and race groups;

(*j*) the nature and equipment of the ablution and toilet facilities shall be such as not to endanger the safety of residents;

(*k*) settlements for aged Bantu shall make provision for a dispensary and surgery for the use of a medical practitioner if there is no hospital within easy reach. All medicines, drugs and poisons shall be kept under lock and key and a record shall be kept of all medicines, drugs and poisons received and removed, with proper entries made of the purpose for which such medicines, drugs and poisons were removed and the name of the staff member to whom they were handed, whose signature therefor shall be obtained; and

(*l*) provision shall be made for occupational therapy for residents.

(3) (*a*) There shall be adequate staff for the proper care of residents;

(*b*) adequate arrangements shall be made for the treatment of residents by a qualified medical practitioner, where necessary.

(4) Full records shall be kept of the purchase and consumption of foodstuffs and such records shall at all times be open to inspection by a Bantu Affairs Commissioner or any other person designated by the Secretary.

REGISTRATION OF SETTLEMENT FOR AGED BANTU

4. (1) After consideration of all the available particulars and if he is satisfied that the settlement is so managed and conducted as to be to the benefit of he aged residents and conforms to all the requirements of these regulations, the Minister may approve the application for registration and grant the settlement a certificate substantially in the form prescribed in Annexure 2.

(2) If the settlement does not conform to all the prescribed requirements, the Minister may issue a temporary registration certificate substantially in the form prescribed in Annexure 3 specifying the requirements still to be met, as well as the period within which such requirements shall be met: Provided that, if the Minister is satisfied that it is not possible for any reason for the management of

(ii) lugruimte van minstens 300 kub. vt. per inwoner;
(iii) 'n vensteroppervlakte (glasoppervlakte) gelyk aan 1/10de van vloeroppervlakte;
(iv) dwarsbelugting deur een of twee vensters of 'n deur so geplaas dat dit 'n deurtrek of kruisbelugting bewerkstellig;

(*b*) voorsiening vir 'n minimum hoogte van 8 voet tussen die vloere en plafonne van woonvertrekke, slaapsale en ontspanningsale;

(*c*) daar moet fasiliteite wees vir die higiëniese voorbereiding en bediening van voedsel, asook algemene maatreëls om te verseker dat die huishouding higiënies sal wees;

(*d*) voorsorg moet getref word vir die beskerming van die geboue waarin die inwoners gehuisves word, teen enige brand, veldbrand of vloedskade;

(*e*) die geboue, beddegoed en meubels moet in 'n goeie algemene toestand wees;

(*f*) daar moet getrag word om 'n aangename atmosfeer te skep om die inwoners te laat tuis voel en hulle verblyf aangenaam te maak;

(*g*) slaapkamers moet van voldoende bêregeriewe vir klere en ander persoonlike besittings vir elke inwonende bejaarde voorsien wees;

(*h*) geskikte wasgeriewe en latrines moet vir die inwoners beskikbaar wees;

(*i*) aparte wasgeriewe en latrines moet vir die verskillende geslagte en rassegroepe beskikbaar wees;

(*j*) die aard en toerusting van die was- en toiletgeriewe moet sodanig wees dat dit nie gevaar vir die veiligheid van die inwoners inhou nie;

(*k*) nedersettings vir bejaarde Bantoes moet voorsiening maak vir 'n apteek en spreekkamer vir gebruik deur 'n geneesheer, indien 'n hospitaal nie binne maklik bereikbare afstand is nie. Alle medisyne, verdowingsmiddels en gif moet toegesluit word en 'n rekord moet gehou word van alle medisyne, verdowingsmiddels en gif wat ontvang en verwyder word, met behoorlike aantekening oor die doel waarvoor dit verwyder is, en die naam van die personeellid aan wie dit oorhandig is en sy handtekening daarvoor; en

(*l*) werkterapie moet vir die inwoners beskikbaar gestel word.

(3) (*a*) Daar moet voldoende personeel beskikbaar wees vir die behoorlike versorging van die inwoners;

(*b*) Toereikende reëlings moet getref word vir die behandeling, indien nodig, van die inwoners deur 'n gekwalifiseerde mediese praktisyn.

(4) Volledige rekords moet gehou word van die aankoop en verbruik van voedselbenodigdhede en moet te eniger tyd vir insae van 'n Bantoesakekommissaris of enige ander persoon deur die Sekretaris aangewys, beskikbaar wees.

REGISTRASIE VAN NEDERSETTING VIR BEJAARDE BANTOES

4. (1) Na oorweging van al die beskikbare besonderhede, en indien hy oortuig is dat die nedersetting so beheer en bestuur word dat dit tot voordeel van die bejaarde inwoners strek, en aan al die vereistes van hierdie regulasies voldoen, kan die Minister die aansoek om registrasie goedkeur en verleen hy aan die nedersetting 'n sertifikaat wesenlik in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel 2.

(2) Indien die nedersetting nie aan al die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, kan die Minister 'n tydelike registrasiesertifikaat wesenlik in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel 3 uitreik, waarin die vereistes waaraan nog voldoen moet word, asook die tydperk waarin aan sodanige vereistes voldoen moet word, bepaal word: Met dien verstande dat, indien die Minister oortuig is dat dit om die een of ander rede nie vir die bestuur van die neder-

the settlement to comply with the requirements concered, he may exempt the management of such settlement from such requirements and issue a permanent registration certificate in respect of the settlement.

(3) The conditions and any provisions of a registration certificate issued under this regulation may be amended by the Minister from time to time after consultation with the management: Provided that nothing contained in this regulation shall be deemed to derogate from the powers to cancel any certificate vested in the Minister in terms of section 3 of the Act or the right of the holder of such certificate to surrender it.

REGISTERS OF RESIDENTS TO BE KEPT

5. (1) The manager of every settlement shall see that a register is kept of the aged persons admitted thereto in which shall be recorded in respect of each aged person—

(*a*) date of admission;
(*b*) full names, ethnic relationship and sex;
(*c*) identity number and date of birth or estimated date of birth;
(*d*) particulars of income and source of income;
(*e*) names, addresses and telephone numbers of next of kin;
(*f*) date of departure from the settlement or date of decease and cause of death; and
(*g*) any periods of absence from the settlement, whether on leave or otherwise.

(2) The manager of a settlement shall keep a personal file for each resident in which the following shall be filed—

(*a*) medical history of the resident;
(*b*) all available particulars of his or her living children and other next of kin;
(*c*) particulars of funeral arrangements in the event of death and where his or her will, if any, is kept;
(*d*) an inventory of all personal effects kept in the settlement;
(*e*) correspondence in connection with him or her.

(3) A full record shall be kept of receipts and expenditure of any moneys administered by the manager in respect of the aged person.

BOOKS OF ACCOUNT

6. (1) The manager of a settlement shall keep proper books of account accurately reflecting the following—

(*a*) all sums of money received and the value of receipts in kind and the date and source thereof;
(*b*) all disbursements, properly supported by vouchers, showing the date of payment, name of supplier and nature of the goods supplied or services rendered for which payment is made.

(2) The manager of a settlement shall annually, at the close of the financial year, submit to the Secretary audited financial statements including a balance sheet and a statement of revenue and expenditure.

(3) The manager of the settlement may be called upon by the Secretary to furnish returns for any calendar year or for any other period on forms supplied for the purpose of statistics of aged persons who are being cared for in the settlement, have been admitted or have left the settlement, as well as in respect of staff.

FINANCIAL ASSISTANCE TO WELFARE ORGANIZATIONS

7. (1) Any grant made to any welfare organization referred to in section 2 (*b*) of the Act shall be made subject to such conditions as the Secretary may specify in consultation with the Treasury.

setting moontlik is om aan die betrokke vereistes te voldoen nie, hy die bestuur van so 'n nedersetting kan vrystel van daardie vereistes en 'n permanente registrasiesertifikaat ten opsigte van die nedersetting kan uitreik.

(3) Die voorwaardes en enige bepalings van 'n registrasiesertifikaat ingevolge hierdie regulasie uitgereik, kan van tyd tot tyd gewysig word deur die Minister na oorlegpleging met die bestuur: Met dien verstande dat niks in hierdie regulasie geag word afbreuk te doen aan die bevoegdheid ingevolge artikel 3 van die Wet aan die Minister verleen om 'n sertifikaat in te trek óf aan die reg van die houer van sodanige sertifikaat om dit terug te gee nie.

REGISTERS VAN INWONERS MOET GEHOU WORD

5. (1) Die bestuurder van elke nedersetting moet toesien dat 'n register gehou word van bejaardes wat daarin opgeneem word, waarin ten opsigte van elke bejaarde aangeteken moet word—

(*a*) opnemingsdatum;
(*b*) volle name, etniese verwantskap en geslag;
(*c*) persoonsnommer en geboortedatum of geskatte geboortedatum;
(*d*) besonderhede oor sy inkomste en bron van inkomste;
(*e*) die name, adresse en telefoonnommers van naaste bloedverwante;
(*f*) die datum van vertrek uit die nedersetting of die datum van afsterwe en oorsaak van dood; en
(*g*) enige tydperke van afwesigheid uit die nedersetting, hetsy met verlof of andersins.

(2) Die bestuurder van 'n nedersetting hou 'n persoonlike lêer vir elke inwoner waarin die volgende bewaar word—

(*a*) mediese geskiedenis van die inwoner;
(*b*) alle beskikbare gegewens oor sy/haar lewende kinders en ander naasbestaandes;
(*c*) besonderhede van begrafnisreëlings ingeval van dood en waar sy/haar testament, as daar een is, gehou word;
(*d*) 'n opgawe van alle persoonlike besittings wat in die nedersetting gehou word;
(*e*) korrespondensie in verband met hom/haar.

(3) 'n Volledige rekord van ontvangste en uitgawe van enige gelde wat ten opsigte van die bejaarde deur die bestuurder geadministreer word, moet gehou word.

REKENINGBOEKE

6. (1) Die bestuurder van 'n nedersetting moet behoorlike rekeningboeke hou wat noukeurig die volgende moet weergee—

(*a*) alle geldsomme ontvang en die waarde van onvangste in goedere en die datum en bron van ontvangs;
(*b*) alle uitbetalings, behoorlik gestaaf met bewysstukke, met die datum van betaling, naam van leweransiers en aard van die goedere of dienste gelewer waarvoor betaling gedoen word.

(2) Die bestuurder van 'n nedersetting moet jaarliks aan die Sekretaris, na sluiting van die boekjaar, geouditeerde rekeningstate, met inbegrip van 'n balansstaat en staat van inkomste en uitgawes, vestrek.

(3) Die bestuurder van die nedersetting kan deur die Sekretaris gelas word om op vorms wat deur hom vir daardie doel verskaf word, opgawes te verstrek vir 'n kalenderjaar of vir enige ander tydperk, van statistieke van bejaardes wat in die nedersetting versorg word, daarin opgeneem of daaruit vertrek het, asook ten opsigte van personeel.

GELDELIKE HULP AAN WELSYNSORGANISASIES

7. (1) 'n Toekenning aan 'n welsynsorganisasie bedoel in artikel 2 (*b*) van die Wet, word gedoen behoudens die voorwaardes wat die Sekretaris in oorleg met die Tesourie bepaal.

(2) The welfare organization shall furnish the Secretary, when required by him to do so, with audited statements of account for any financial year, including a balance sheet and a statement of revenue and expenditure drawn up in such manner as the Secretary may determine.

(3) At the request of the Secretary a report on the activities of the welfare organization shall be submitted to him on such date as he may determine.

APPLICATION FOR AN OLD AGE PENSION

8. (1) Every application for a pension shall be made in writing substantially in the form prescribed in Annexure 4, and shall be completed and signed in original duplicate by the applicant in the presence of the authorized officer or his represenative.

(2) An applicant shall furnish all such particulars in respect of his application as may be required in the prescribed form, together with such supporting evidence in regard thereto as may be required by the authorized officer: Provided that no applicant resident in South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel, shall be required to furnish details in regard to an identity number or the payment by him or by any other person of, or exemption from, any general or other tax.

(3) If both a man and his wife apply, separate application forms shall be completed and in both cases a statement of the income and assets of both the man and his wife shall be submitted.

PERSONS ENTITLED TO AN OLD AGE PENSION

9. Applications shall be supported by evidence and information as to:

(*a*) Age: Where no documentary evidence is available for the purpose of determining an applicant's age, the authorized officer shall, where necessary, determine his age according to the applicant's appearance or according to any information that may be available. If the authorized officer is in any doubt about the applicant's age, the applicant shall be referred to the district surgeon for the determination of his age.

(*b*) Residence: Any applicant who satisfies the requirements of section 7 of the Act may apply for a pension.

POWERS AND DUTIES OF AUTHORIZED OFFICERS

10. It shall be the duty of the authorized officer to give effect to any instructions the Secretary may deem it necessary to issue from time to time, and he shall in accordance with such instructions—

(*a*) receive all application forms lodged with him by any applicant and date stamp each such form to indicate the date of receipt, whereupon such date shall for all purposes be deemed to be the date on which application for a pension was made;

(*b*) keep a record of all applications for a pension lodged with him or transferred to him by any other authorized officer;

(*c*) obtain such confirmation or proof of any fact relevant to the grant or refusal of any application as may seem to him to be material or as may be required by the Secretary;

(*d*) as soon as may be practicable after refusing or granting any application for a pension inform the applicant of his decision;

(2) Die welsynsorganisasie voorsien die Sekretaris, wanneer hy dit versoek, van geouditeerde rekeningstate vir enige boekjaar, met inbegrip van 'n balansstaat en 'n inkomste- en uitgawestaat, saamgestel op 'n wyse wat die Sekretaris mag bepaal.

(3) 'n Verslag oor die werksaamhede van die welsynsorganisasie moet op versoek van die Sekretaris, op 'n datum soos deur hom bepaal, aan hom voorgelê word.

AANSOEK OM OUDERDOMSPENSIOEN

8. (1) Elke aansoek om 'n pensioen moet skriftelik en wesenlik in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel 4 wees en moet in oorspronklike tweevoud ingevul en onderteken word in die teenwoordigheid van die gemagtigde beampte of sy verteenwoordiger.

(2) 'n Applikant moet al die besonderhede ten opsigte van sy aansoek verstrek wat in die voorgeskrewe vorm verlang word, tesame met die stawende bewyse in verband daarmee wat deur die gemagtigde beampte vereis mag word: Met dien verstande dat van geen applikant wat in Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, woonagtig is, vereis mag word om besonderhede van 'n persoonsnommer of die betaling deur hom, of deur enige ander persoon, van of vrystelling van enige algemene of ander belasting te verstrek nie.

(3) Indien sowel 'n man as sy vrou aansoek doen, moet afsonderlike aansoekvorms ingevul word en in albei gevalle moet 'n opgawe van die inkomste en bates van sowel die man as die vrou verstrek word.

PERSONE GEREGTIG OP 'N OUDERDOMSPENSIOEN

9. Aansoeke moet gestaaf word deur getuienis en inligting aangaande:

(*a*) Ouderdom: Waar geen dokumentêre bewys beskikbaar is vir die doel om 'n applikant se ouderdom vas te stel nie, moet die gemagtigde beampte, waar nodig, die ouderdom volgens die applikant se voorkoms of volgens enige inligting wat beskikbaar mag wees, vasstel. Indien die gemagtigde beampte enigsins in twyfel is oor 'n applikant se ouderdom, moet die applikant na die distriksgeneesheer vir die vasstelling van sy ouderdom verwys word.

(*b*) Verblyf: 'n Applikant wat aan die vereistes van artikel 7 van die Wet voldoen, kan aansoek om 'n pensioen doen.

BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN GEMAGTIGDE BEAMPTES

10. Dit is die plig van die gemagtigde beampte om uitvoering te gee aan opdragte wat die Sekretaris van tyd tot tyd nodig ag om uit te reik, en hy moet ooreenkomstig sodanige opdragte—

(*a*) alle aansoekvorms wat deur 'n applikant by hom ingedien word, in ontvangs neem, en die datumstempel op elke sodanige vorm plaas om die datum van ontvangs aan te dui, en daarna word sodanige datum vir alle doeleindes beskou as datum waarop aansoek om 'n pensioen gedoen is;

(*b*) 'n rekord hou van alle aansoeke om 'n pensioen wat by hom ingedien of deur enige ander gemagtigde beampte na hom oorgeplaas is;

(*c*) bevestiging of bewys verkry van enige feit in verband met die toekenning of weiering van enige aansoek wat deur hom nodig geag of deur die Sekretaris vereis mag word;

(*d*) sodra doenlik, nadat hy 'n aansoek om 'n pensioen goed- of afgekeur het, sy beslissing aan die applikant bekend maak;

(*e*) from time to time, but at intervals of not less than six months, review any pension and, if necessary, call for proof that any pensioner is still alive: Provided that this function may also be carried out by any officer authorized thereto by the Secretary;

(*f*) arrange the transfer of any pensioner's record as well as any unpaid vouchers to any other district on receipt of a request from the authorized officer in whose district such pensioner has taken up residence;

(*g*) cancel or reduce any pension if the circumstances of the pensioner are such as to disentitle him to payment of the amount previously approved;

(*h*) furnish such information or copies of such documents relating to any pension as may be required by the Secretary.

CONSIDERATION OF APPLICATION FOR PENSION

11. In deciding whether a pension shall be granted, cancelled, reduced or increased or when determining the amount of a pension, the authorized officer shall take into account—

(*a*) the ability and opportunities of an applicant or pensioner to support himself or contribute towards his support by his own exertions; and

(*b*) the ability of the spouse of an applicant or pensioner to support him or to contribute towards his support.

DATE OF ACCRUAL OF PENSION

12. A pension shall be granted with effect from the first day of the two-month period in which application for such pension is made: Provided that, in the case of an applicant who attains the qualifying age for a pension during the two-month period in which he applies, a pension shall be granted as from the first day of the succeeding two-month period.

DETERMINATION OF AMOUNT OF PENSION

13 (1) The pension granted to any applicant whose income falls within the limits of the amounts shown in the second column of Annexure 5 shall be the amount indicated opposite in Column 3 of such Annexure.

(2) No pension shall be paid to any person who is in receipt of a pension under the Blind Persons Act, 1968 (Act No. 26 of 1968), or the Disability Grants Act, 1968 (Act No. 27 of 1968), or who is in receipt of an *ex gratia* allowance as an indigent ex-member of a military unit or if a grant is paid in respect of him under regulation 33 (1) (*a*) of the regulations published under the Children's Act, 1960 (Act No. 33 of 1960), or if he is otherwise cared for by virtue of any action taken under the said Children's Act, 1960.

ATTENDANT'S ALLOWANCE

14. (1) If in the opinion of the authorized officer any person who has been granted a pension has attained the age of ninety years or his physical or mental condition necessitates the regular attendance of another person, he may, upon the submission of full particulars, recommend to the Secretary that, in addition to such pension, an attendant's allowance not exceeding R48 per annum be granted to the pensioner or any person on his behalf.

(2) An allowance under subregulation (1) shall be granted as from the first day of the two-month period in which application is made therefor.

(*e*) van tyd tot tyd, maar by tussenpose van nie minder as ses maande nie, enige pensioen hersien en, indien nodig, bewys aanvra dat enige pensioentrekker nog lewe: Met dien verstande dat hierdie funksie ook deur 'n beampte wat deur die Sekretaris daartoe gemagtig is, uitgeoefen kan word;

(*f*) die oorplasingva n enige pensionentrekker se rekord sowel as onbetaalde bewysstukke na enige ander distrik reël by ontvangs van 'n versoek van die gemagtigde beampte in wie se distrik sodanige pensioentrekker sy intrek geneem het;

(*g*) enige toekenning intrek of verminder indien die omstandighede van die pensioentrekker sodanig is dat hy nie geregtig is op betaling van die bedrag wat voorheen goedgekeur is nie;

(*h*) inligting of afskrifte van dokumente met betrekking tot enige pensioen verskaf wat deur die Sekretaris aangevra mag word.

OORWEGING VAN AANSOEK OM PENSIOEN

11. By beslissing oor die vraag of 'n pensioen toegeken, ingetrek, verminder of verhoog moet word, of oor die bedrag van 'n pensioen, hou die gemagtigde beampte rekening met—

(*a*) die vermoë en geleenthede van 'n applikant of pensioentrekker om deur eie inspanning homself te onderhou of tot sy onderhoud by te dra; en

(*b*) die vermoë van die applikant of pensioentrekker se eggenote om hom te onderhou of tot sy onderhoud by te dra.

TOEVALLINGSDATUM VAN PENSIOEN

12. 'n Pensioen word toegeken met ingang van die eerste dag van die tweemaandtydperk waarin aansoek om sodanige pensioen gedoen word: Met dien verstande dat in die geval van 'n applikant wat die kwalifiserende ouderdom vir 'n pensioen bereik gedurende die tweemandtydperk waarin hy aansoek doen, 'n pensioen toegeken word met ingang van die eerste dag van die daaropvolgende tweemaandtydperk.

VASSTELLING VAN BEDRAG VAN PENSIOEN

13. (1) Die pensioen toegeken aan 'n applikant wie se inkomste binne die perke val van die bedrae wat in die tweede kolom van Aanhangsel 5 aangegee word, beloop die bedrag daarteenoor in kolom 3 van die Aanhangsel aangedui.

(2) Geen pensioen word aan iemand betaal nie wat 'n pensioen ontvang kragtens die Wet op Blindes, 1968 (Wet No. 26 van 1968), of die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1968 (Wet No. 27 van 1968), of wat 'n *ex gratia*-toelae as 'n behoeftige oud-lid van 'n militêre eenheid ontvang, of indien 'n toelae ten opsigte van hom betaal word kragtens regulasie 33 (1) (*a*) van die regulasies gepubliseer ingevolge die Kinderwet, 1960 (Wet No. 33 van 1960), of indien daar andersins vir hom gesorg word uit hoofde van stappe kragtens genoemde Kinderwet, 1960, gedoen.

TOELAES VIR OPPASSERS

14. (1) Indien die gemagtigde beampte van oordeel is dat 'n persoon aan wie 'n pensioen toegeken is, die ouderdom van negentig jaar bereik het of in so 'n liggaamlike of geestestoestand verkeer dat hy gereeld deur iemand anders opgepas moet word, kan hy by voorlegging van volle besonderhede, by die Sekretaris aanbeveel dat, benewens bedoelde pensioen, aan die pensioentrekker of aan iemand anders ten behoewe van hom, 'n oppasserstoelae toegeken word wat nie meer as R48 per jaar bedra nie.

(2) 'n Toelae ingevolge subregulasie (1) word toegeken vanaf die eerste dag van die tweemaandtydperk waarin aansoek daarom gedoen word.

LAPSING, CANCELLATION OR VARIATION OF PENSION

15. (1) Any pension shall lapse when a pensioner dies or has omitted to claim his grant for three consecutive two-month periods: Provided that—

(i) if the pensioner applies substantially in the form of Annexure 6 for the restoration of a lapsed pension within two years, the authorized officer may forward such application to the Secretary for consideration. The Secretary may direct, with due regard to the circumstances, that a lapsed pension be restored as from such date as he may determine. No application shall be made for the restoration of a lapsed pension after a period of two years has elapsed, but a fresh application shall be made for such a pension;

(ii) when a pensioner dies, the Secretary may authorize the payment of his pension up to the last day of the month in which he died to any other person who in the opinion of the Secretary can claim that he incurred expenditure on the maintenance and/or care of the deceased or incurred deathbed or funeral expenses.

(2) If the authorized officer is satisfied that a pension should be increased, reduced or cancelled, in accordance with the provisions of regulation 13, he may increase, reduce or cancel such pension with effect from a date determined in conformity with the provisions of regulation 12: Provided that nothing contained herein shall be construed as authorizing the reduction or cancellation of a pension which at the commencement of these regulations was payable to any pensioner during his residence in any urban area, whose annual income does not exceed the maximum of the amounts in Column 2 of Annexure 5 by more than R3.

PAYMENT OF PENSION TO PERSONS DETAINED AND MAINTAINED IN STATE OR STATE-AIDED INSTITUTIONS OR RESIDENT IN A HOME OR AN INSTITUTION

16. (1) If a pensioner is at any time being compulsorily detained and maintained at the public expense in a leper institution, mental hospital, institution for the feeble-minded, prison or other State institution or in terms of an order of court in a State-aided institution, no pension shall be payable to him from the first day of the month immediately following the month in which his detention and maintenance therein commence to the last day of the month immediately preceding the month in which he ceases to be so detained and maintained. For the purposes of these regulations provincial and provincially-aided institutions are not deemed to be State institutions.

(2) When a pensioner is residing voluntarily in a home or an institution, the pension may be paid to him, and the home or institution may make arrangements with him as to the amount he shall contribute from his pension towards his maintenance.

PAYMENT OF PENSION

17. (1) Subject to the provisions of subregulation (2) and of regulation 15, a pension shall be payable in arrear and only to the person to whom such pension was granted and on such dates and at such places as the authorized officer may determine.

(2) Whenever the authorized officer is satisfied that for any reason any pensioner is unable to attend in person at any place to receive payment of his pension or that such attendance results in undue hardship, he may in

VERVAL, INTREKKING OF VERANDERING VAN PENSIOEN

15. (1) 'n Pensioen verval wanneer die pensioentrekker te sterwe kom of vir drie agtereenvolgende tweemaandtydperke nalaat om sy pensioen op te eis: Met dien verstande dat—

(i) indien die pensioentrekker binne twee jaar om herstel van 'n vervalle pensioen aansoek doen, wesenlik in die vorm uiteengesit in Aanhangsel 6, die gemagtigde beampte dit aan die Sekretaris vir oorweging kan stuur. Die Sekretaris kan gelas, met inagneming van die omstandighede, dat 'n vervalle pensioen herstel word vanaf 'n datum wat hy bepaal. Na verloop van twee jaar kan daar nie meer om herstel van 'n vervalle pensioen aansoek gedoen word nie, maar moet daar opnuut aansoek om die toekenning van 'n pensioen gedoen word;

(ii) wanneer 'n pensioentrekker te sterwe kom, kan die Sekretaris magtiging verleen dat sy pensioen betaal word tot die laaste dag van die maand waarin hy te sterwe kom aan enige ander persoon wat volgens die Sekretaris se mening daarop aanspraak het dat hy koste aangegaan het ten opsigte van die oorledene se lewensonderhoud en/of versorging of uitgawes aangegaan het vir sterfbed- of begrafniskoste.

(2) Indien die gemagtigde beampte oortuig is dat 'n pensioen ooreenkomstig die bepalings van regulasie 13, verhoog, verminder of ingetrek behoort te word, kan hy dit met ingang van 'n datum wat hy ooreenkomstig regulasie 12 bepaal, verhoog, verminder of intrek: Met dien verstande dat niks hierin vervat, vertolk word as sou dit die vermindering of intrekking magtig van 'n pensioen wat by die inwerkingtreding van hierdie regulasies betaalbaar was aan 'n pensioentrekker gedurende sy verblyf in enige stedelike gebied, wie se jaarlikse inkomste nie die maksimum van die bedrae in kolom 2 van Aanhangsel 5 met meer as R3 oorskry nie.

BETALING VAN PENSIOEN AAN PERSONE WAT IN STAATS- OF STAATSONDERSTEUNDE INRIGTINGS AANGEHOU EN ONDERHOU WORD OF WAT IN 'N TEHUIS OF INRIGTING WOONAGTIG IS

16. (1) Indien 'n pensioentrekker te eniger tyd onder dwang en op Staatskoste aangehou en onderhou word in 'n gestig vir melaatses, swaksinniges of kranksinniges of 'n gevangenis of ander Staatsinrigting of kragtens 'n hofbevel in 'n Staatsondersteunde inrigting, is vanaf die eerste dag van die maand onmiddellik na die maand waarin sy aanhouding en onderhoud aldaar 'n aanvang neem, tot die laaste dag van die maand onmiddellik voor die maand waarin sy aanhouding en onderhoud ten einde loop, geen toelae aan hom betaalbaar nie. Provinsiale en provinsiaal-ondersteunde inrigtings word vir doeleindes van hierdie regulasies nie as Staatsinrigting beskou nie.

(2) Wanneer 'n pensioentrekker vrywillig in 'n nedersetting of inrigting inwoon, kan die pensioen aan hom betaal word en kan die inrigting of tehuis met hom reëlings tref wat betref die bedrag wat hy uit sy pensioen tot sy onderhoud moet bydra.

BETALING VAN PENSIOEN

17. (1) 'n Pensioen is, behoudens die bepalings van subregulasie (2) en van regulasie 15, agteruit betaalbaar en alleenlik aan die persoon aan wie sodanige pensioen toegeken is, en op die datums en plekke wat die gemagtigde beampte bepaal.

(2) Wanneer die gemagtigde beampte oortuig is dat, om watter rede ook al, enige pensioentrekker nie persoonlik op enige plek teenwoordig kan wees om die betaling van sy pensioen in ontvangs te neem nie, of dat sodanige teenwoordigheid oormatige ontbering veroorsaak, kan hy op

such manner and in such form as the Secretary may direct authorize payment of the pension to some other person duly authorized thereto by such pensioner duly assisted, where necessary, by any other person in whose care he is.

(3) Notwithstanding any authority granted in terms of subregulation (2), the authorized officer may from time to time withhold payment of any pension until the pensioner shall have appeared personally before him or shall have furnished such other proof of being alive as may be acceptable to the authorized officer.

APPEALS

18. (1) Any applicant and any pensioner who is dissatisfied with any action or decision of the authorized officer and who desires to appeal to the Minister shall lodge with the authorized officer within ninety days of the date on which such action or decision came to the notice of such applicant or pensioner a notice in writing setting out the action or decision appealed against and the reasons for dissatisfaction.

(2) Any authorized officer with whom any notice of appeal is lodged under subregulation (1) shall without delay and after furnishing his comments transmit such notice for consideration by the Minister whose decision he shall convey in writing to the appellant immediately he is informed thereof.

ANNEXURE 1

AGED PERSONS ACT, 1967

(Act No. 81 of 1967)

APPLICATION FOR REGISTRATION OF SETTLEMENT FOR AGED BANTU

To the Bantu Affairs Commissioner,

....

I/We (1) .....

.....

of (2) .....

.....

do hereby apply for registration of an institution for the care of Aged Bantu in terms of section 3 of the Aged Persons Act, 1967.

I/We do further hereby apply to carry on the institution on the premises situated at (3) .....

.....

as indicated on the attached plan (layout plan if situated in a Bantu Township) and for a certificate of registration to be issued to me/us in respect of the above-mentioned project.

Given under my hand this ..... day of ....., 19.....

.....
Signature of Applicant

(1) Full name of applicant.
(2) Full address of applicant.
(3) Full address of premises.

die wyse en in die vorm wat die Sekretaris mag bepaal, magtiging verleen dat die pensioen betaal word aan 'n ander persoon, behoorlik deur sodanige pensioentrekker gemagtig, bygestaan, waar nodig, deur 'n ander persoon in wie se sorg hy is.

(3) Ondanks enige magtiging kragtens subregulasie (2) verleen, kan die gemagtigde beampte van tyd tot tyd die betaling van enige pensioen terughou totdat die pensioentrekker persoonlik voor hom verskyn het, of ander bewys wat vir die gemagtigde beampte aanneemlik mag wees, gelewer het dat hy nog lewe.

APPÈLLE

18. (1) Enige applikant en enige pensioentrekker wat met enige optrede of beslissing van die gemagtigde beampte ontevrede is, en wat by die Minister wil appelleer, moet binne negentig dae vanaf die datum waarop sodanige optrede of beslissing onder die aandag van sodanige applikant of pensioentrekker gekom het, by die gemagtigde beampte 'n skriftelike kennisgewing indien wat die optrede of beslissing waarteen geappelleer word en die redes vir die ontevredenheid uiteensit.

(2) 'n Gemagtigde beampte by wie enige kennisgewing van appèl ingevolge subregulasie (1) ingedien is, moet sonder onnodige vertraging en nadat hy sy kommentaar gelewer het, sodanige kennisgewing vir oorweging na die Minister deurstuur, wie se beslissing hy, sodra hy daarvan verwittig is, skriftelik aan die appellant moet meedeel.

AANHANGSEL 1

WET OP BEJAARDE PERSONE, 1967

(Wet No. 81 van 1967)

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN NEDERSETTING VIR BEJAARDE BANTOES

Aan die Bantoesakekommissaris,

.....

Ek/Ons (1) .....

.....

van (2) .....

.....

doen hierby aansoek om registrasie van 'n inrigting vir die versorging van bejaarde Bantoes ingevolge artikel 3 van die Wet op Bejaarde Persone, 1967.

Voorts doen ek/ons aansoek om die inrigting te dryf op die pereel geleë te (3) .....

.....

soos aangedui op die aangehegte plan (aanlegplan, indien binne 'n Bantoedorp geleë) en dat 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van die bovermelde projek aan my/ons uitgereik word.

Gedateer te ..... op hede die .....

dag van ..... 19.....

.....
Handtekening van Applikant.

(1) Naam van applikant voluit.
(2) Volledige adres van applikant.
(3) Volledige adres van perseel.

ANNEXURE 2

AGED PERSONS ACT, 1967

(Act No. 81 of 1967)

CERTIFICATE OF REGISTRATION OF A SETTLEMENT FOR AGED BANTU

Whereas the management of .....

.....

(name and address of settlement), of postal address .....

.....

has applied for the registration thereof in terms of section 3 of the Aged Persons Act, 1967, and whereas it appears that the said settlement will be managed and controlled in such a manner that it is suitable for the admission, maintenance and care of aged persons;

Now therefore these presents witness: That I, the undersigned, by virtue of the powers delegated to me by the Minister of Bantu Administration and Development in terms of section 18 of the Act, do hereby grant a certificate to the management of the said settlement to admit the number of aged Bantu indicated below, subject to the following conditions:—

.....

.....

.....

.....

.....

The number of inmates shall not exceeed .....

Given under my hand at PRETORIA this .....

day of ....., 19.....

.....
Designation.

AANHANGSEL 2

WET OP BEJAARDE PERSONE, 1967

(Wet No. 81 van 1967)

SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE VAN 'N NEDERSETTING VIR BEJAARDE BANTOES

Nademaal die bestuur van .....

..... (naam en adres van nedersetting), met

posadres .....

.....

aansoek om die registrasie daarvan ooreenkomstig artikel 3 van die Wet op Bejaarde Persone, 1967, gedoen het; en nademaal dit blyk dat genoemde nedersetting so bestuur en beheer sal word dat dit geskik is vir die opname, onderhoud en behandeling van bejaarde persone;

So is dit dat ek, die ondergetekende, handelende kragtens die bevoegdheid deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aan my gedelegeer kragtens artikel 18 van genoemde Wet, hierby aan die bestuur van genoemde nedersetting 'n sertifikaat verleen om die aantal bejaarde Bantoes hieronder vermeld, op te neem, behoudens die volgende voorwaardes:

.....

.....

.....

.....

Getal inwoners moet nie meer as ..... wees nie.

Gegee onder my hand te PRETORIA op hede die .....

dag van ..... 19.....

.....
Ampstitel.

ANNEXURE 3

AGED PERSONS ACT, 1967

(Act No. 81 of 1967)

CERTIFICATE OF PROVISIONAL REGISTRATION OF SETTLEMENT FOR AGED BANTU

Whereas the management of .....

.....

(name and address of settlement), of postal address .....

.....

has applied for the registration thereof in terms of section 3 of the Aged Persons Act, 1967, and whereas it appears that the aims of the said settlement are such and that it will be equipped, managed and run in such a manner, that it ought to be suitable for the maintenance, treatment and care of the aged;

Now therefore these presents witness: That I, the undersigned, acting by virtue of the powers delegated to me by the Minister of Bantu Administration and Development in terms of section 18 of the Act, do hereby grant a certificate of registration to the management of the said settlement up to and including .....
.....(date) on condition that should the said settlement furnish proof on or before that date that the conditions specified in the annexure attached hereto, have been complied with, a permanent certificate of registration in terms of section 3 of the said Act will be issued to the said management.

Given under my hand at PRETORIA this .....

day of ....., 19.....

.....
Designation.

AANHANGSEL 3

WET OP BEJAARDE PERSONE, 1967

(Wet No. 81 van 1967)

SERTIFIKAAT VAN VOORWAARDELIKE REGISTRASIE VAN NEDERSETTING VIR BEJAARDE BANTOES

Nademaal die bestuur van .....

..... (naam en adres van

nedersetting), met posadres .....

.....

aansoek om die registrasie daarvan ooreenkomstig artikel 3 van die Wet op Bejaarde Persone, 1967, gedoen het; en nademaal dit blyk dat die oogmerke van genoemde nedersetting sodanig is, en dat dit so ingerig, bestuur en gedryf sal word dat dit geskik behoort te wees vir die onderhoud, behandeling en versorging van bejaardes;

So is dit dat ek, die ondergetekende, handelende kragtens die bevoegdhede deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling aan my gedelegeer ingevolge die bepalings van artikel 18 van genoemde Wet, hierby 'n sertifikaat van registrasie aan die bestuur van genoemde nedersetting uitreik tot en met .... (datum) op voorwaarde dat indien genoemde nedersetting voor of op daardie datum bewys lewer dat aan die voorwaardes gemeld in die bylae hierby aangeheg, voldoen is, 'n permanente sertifikaat van registrasie ingevolge artikel 3 van genoemde Wet aan genoemde bestuur uitgereik sal word.

Gegee onder my hand te PRETORIA op hede die .....

dag van ..... 19.....

.....
Ampstitel.

AANHANGSEL 4/ANNEXURE 4 B.A. 305.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING./DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.
AANSOEK OM OUDERDOMSPENSIOEN./APPLICATION FOR OLD AGE PENSION.

L.W.—Die straf vir opsetlik valse verklarings is dieselfde as vir meineed./N.B.—The penalty for false statements wilfully made is the same as for perjury.

Datum van ontvangs deur gemagtigde beampte.
Date of receipt by authorized officer.

DEEL A **BESONDERHEDE VAN APPLIKANT**
PART A **PARTICULARS OF APPLICANT**

1. Van / Surname .....
2. Voorname / First Names .....
3. Persoonsnommer / Identity number .....
4. Geslag / Sex .....
5. Geboortedatum of geskatte ouderdom / Date of birth or estimated age .....
6. Geboorteplek / Place of birth .....
7. Etniese groep / Ethnic group .....
8. Woonadres/Residential address .....
9. Is u getroud, ongetroud, wewenaar, weduwee of woon u saam as man en vrou? / Are you married, single, widower, widow or do you live together as man and wife? .....
10. Tydperke van verblyf in die Republiek van Suid-Afrika/S.W.A./Oostelike Caprivi Zipfel gedurende die afgelope 20 jaar. / Periods of residence in Republic of South Africa/S.W.A./Eastern Caprivi Zipfel during the last 20 years .....
11. Maandelikse verdienste van applikant in kontant en natura / Monthly earnings of applicant in cash and kind natura R.....
12. Maandelikse verdienste van eggenoot/eggenote of persoon met wie u saamwoon as man en vrou in kontant en natura. / Monthly earnings of spouse or person with whom you are living as man and wife in cash and kind R.....
13. Ontvang u of u eggenoot/eggenote of kinders enige ander pensioen, toelae of gelde? Indien wel, gee besonderhede / Are you or your spouse or children in receipt of any other pension, allowance, grant or moneys? If so, give particulars.....
14. Het u al algemene belasting betaal of is u vrygestel? (Slegs in die geval van vreemde Bantoe) / Have you ever paid general tax or have you been exempted? (Only in the case of foreign Bantu).....
15. Is u die houer van 'n perseel in 'n Bantoetrust- of ander gebied? Indien wel, gee besonderhede / Are you the holder of an allotment of land in a Bantu trust or other area? If so, give particulars .....
16. Besit u of u eggenoot/eggenote 'n huis of ander vaste eiendom? Indien wel, meld— / Do you or your spouse own a house or other fixed property? If so, state—
    (*a*) Tipe eiendom / Type of property.....
    (*b*) Onbeswaarde waarde / Unencumbered value R.....
    (*c*) Getal kamers / Number of rooms.....
    (*d*) Getal kamers verhuur / Number of rooms let .....
    (*e*) Maandelikse huur gevorder / Monthly rent charged R.....
    (*f*) Maandelikse standplaashuur / Monthly stand rent R.....
    (*g*) Maandelikse belasting betaalbaar op standplaas / Monthly rates payable on stand R.....
    (*h*) Maandelikse inkomste van inwoners wat nie huur betaal nie / Monthly income of occupants not paying rent R.....
    (*i*) Getal inwoners wat nie huur betaal nie en redes / Number of occupants not paying rent and reasons .....
17. Besit u of u eggenoot/eggenote enige lewende hawe en/of wen u enige oeste? Indien wel, meld soort en hoeveelheid / Do you or your spouse own any livestock and/or produce any crops? If so, state types and quantities .....
18. Het u of u eggenoot/eggenote tevore om enige tipe pensioen aansoek gedoen en wat was die uitslag? (Meld datum en plek van aansoek en verwysingsnommer) / Have you or your spouse previously applied for any type of pension and with what results? (Quote date and place of application and reference No.) .....
19. Watter ander inkomste ontvang u en/of u eggenoot? / What other income are you and/or your spouse in receipt of? .....

Slegs vir hoofkantoorgebruik./For head office use only.
Duimafdruk op pensioenaansoek en bewysboekrekord identies/verskil./Thumbprint on pension application and reference book record identical/differ.....

Geteken/Signed .....

DEEL B **VERKLARINGS**
PART B **DECLARATIONS**

(*a*) Applikant / Applicant

Regterduimafdruk / Right thumbprint

Ek verklaar dat bostaande besonderhede waar en juis is. / I declare that the above particulars are true and correct.

Getuies/Witnesses

Datum/Date..... 1. .....

Plek/Place..... 2. .....

(*b*) Persoon vertroud met applikant se omstandighede. / Person acquainted with applicant's circumstances.
Ek verklaar dat sover my kennis strek, bostaande besonderhede waar en juis is. / I declare that, as far as I am aware, the above particulars are true and correct.

Getuies/Witnesses

..... 1. .....
Handtekening/Signature

2. .....

Datum/Date..... Plek/Place.....

Slegs vir amptelike gebruik./For official use only.

Ek verklaar dat ek die aansoek ondersoek het en oortuig is dat die applikant geregtig is op 'n pensioen ingevolge die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet No. 81 van 1967). / I declare that I have examined this application and am satisfied that the applicant qualifies for a pension in terms of the Aged Person's Act, 1967 (Act No. 81 of 1967).

Pensioen toegestaan p.j. vanaf Datum Plek
Pension granted R..... p.a. as from ..... Date ..... Place .....
Opmerkings/Remarks .....

.....

.....

.....
Bantoesakekommissaris/Landdros.
Bantu Affairs Commissioner/Magistrate.

AANHANGSEL 5
ANNEXURE 5

TABEL WAARVOLGENS OUDERDOMSPENSIOEN MET INGANG VAN 1 OKTOBER 1968 TOEGEKEN MOET WORD.
TABLE ACCORDING TO WHICH OLD AGE PENSION IS TO BE GRANTED WITH EFFECT FROM 1 OCTOBER 1968.

Inkomstegroep. Income group.	Jaarlikse inkomste, middele en omstandighede in ag geneem. Annual income allowing for means and circumstances.	Jaarlikse toekenning. Annual grant.
I	Nul tot R21/Nil to R21	R51.00
II	Bo R21 tot R24/Over R21 to R24	R48.00
III	Bo R24 tot R27/Over R24 to R27	R45.00
IV	Bo R27 tot R30/Over R27 to R30	R42.00
V	Bo R30 tot R33/Over R30 to R33	R39.00
VI	Bo R33 tot R36/Over R33 to R36	R36.00
VII	Bo R36 tot R39/Over R36 to R39	R33.00
VIII	Bo R39 tot R42/Over R39 to R42	R30.00
IX	Bo R42/Over R42	Nul/Nil

B.A. 430

AANHANGSEL 6.
ANNEXURE 6.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.
DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

AANSOEK OM HERSTEL VAN VERVALLE PENSIOEN OF TOELAE.
APPLICATION FOR RESTORATION OF LAPSED PENSION OR GRANT.

(Moet in drievoud ingestuur word.—Must be submitted in triplicate.)

Vir distrikskantoorgebruik.
For district office use.

Lêerno.
File No. .....

Pensioenno.
Pension No. .....

Vir Hoofkantoorgebruik.
For Head Office use.

1	2	3	4	5	6	7	8

Voorname en Van:
First names and Surname:

9 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

Kantoor van betaling
Office of payment .....

Tipe toekenning
Type of award .....

Datum van wanneer af herstel aanbeveel word
Date from which restoration is recommended .....

Bruto per maand
Gross per month . . . . . R..... 44

Afkeurings wat ingevorder moet word
(viii) " radioactive material " means any substance which consists of, or contains any radioactive nuclide whether natural or artificial and whose specific activity exceeds 0·002 microcurie per gram of chemical element and which has a total activity of more than 0·1 microcurie;

(ix) " radiotherapist " means a person who is registered by the South African Medical and Dental Council as a specialist radiotherapist or a specialist radiologist, and who supplies documentary evidence, satisfactory to the board, of training in radiotherapy and in the therapeutic application of radioactive material at an institution approved by the board, and who is recognised as such by the board;

(*b*) Die spesiale prosesse waarop voorwaardes 47 tot 70 van toepassing is, is ook aan voorwaardes 1 tot 46 onderhewig.

Woordomskrywing

1. In hierdie voorwaardes tensy uit die samehang anders blyk het enige uitdrukking wat in die Wet op Atoomkrag, No. 90 van 1967, omskryf is, die betekenis aldus daaraan gegee, en in hierdie voorwaardes het die volgende uitdrukkings die betekenis hierby daaraan toegeskryf:—

(i) „ Aangestelde geneesheer " beteken 'n persoon wat as 'n mediese praktisyn by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geregistreer is, en deur die gemagtigde aangestel en by die raad aangeteken is om die mediese toesig oor stralingswerkers te onderneem;

(ii) „ betastraaltoediener " beteken 'n verseëlde bron van radioaktiewe materiaal met 'n aktiwiteit groter as vyftig (50) mikrocurie en met 'n halveringstyd langer as dertig (30) dae, wat betastrale uitstraal en waarvan die gesamentlike gammastraling en remstraling nie honderd (100) milliroentgen per uur op sy oppervlak te bowe gaan nie en berei vir mediese doeleindes anders as permanente inplanting in pasiënte;

(iii) „ inwendige straling " beteken straling wat die liggaam van radioaktiewe materiaal wat binne die liggaam is, ontvang;

(iv) „ ioniserende straling " beteken elektromagnetiese of korpuskulêre straling wat in staat is om ione direk of indirek te produseer terwyl dit deur materie dring en wat deur radioaktiewe materiaal uitgestraal word;

(v) „ mediese fisikus " beteken iemand wat dokumentêre bewys tot tevredenheid van die raad lewer dat hy—

(*a*) (i) minstens die graad Magister Scientiae of 'n gelykstaande kwalifikasie in fisika behaal het; en

(ii) minstens een jaar ondervinding in kliniese hospitaalfisika in die radioterapie-afdeling van 'n opleidingsinrigting of hospitaal wat vir die doel deur die raad goedgekeur is, opgedoen het; of

(*b*) (i) minstens 'n honneursgraad as Baccalaureus Scientiae of 'n gelykstaande kwalifikasie in fisika behaal het; en

(ii) minstens twee jaar ondervinding in kliniese hospitaalfisika in die radioterapie-afdeling van 'n opleidingsinrigting of hospitaal wat vir die doel deur die raad goedgekeur is, opgedoen het;

en deur die raad as sodanig erken word;

(vi) „ monitortoerusting " beteken toerusting wat geskik is vir die meting van dosistempo, of van die dosis wat 'n persoon ontvang het, of vir die waarneming van radioaktiewe kontaminasie;

(vii) „ nuttige straal " beteken enige straling van 'n verseëlde bron wat aangewend kan word vir die doel waarvoor die verseëlde bron gebruik word;

(viii) „ radioaktiewe materiaal " beteken enige stof wat uit enige radioaktiewe nuklied, hetsy natuurlik of kunsmatig, bestaan of dit bevat en waarvan die soortlike aktiwiteit hoër is as 0·002 mikrocurie per gram chemiese element en wat 'n totale aktiwiteit van meer as 0·1 mikrocurie het;

(ix) „ radioterapeut " beteken 'n persoon wat by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as 'n spesialis-radioterapeut of 'n spesialis-radioloog geregistreer is en wat tot tevredenheid van die raad dokumentêre bewys lewer van opleiding in radioterapie en in die terapeutiese aanwending van radioaktiewe materiaal by 'n inrigting wat deur die raad goedgekeur is, en deur die raad as sodanig erken word;

(x) " radiation worker " means any person who is potentially exposed to ionising radiation or radioactive material as a result of his *occupation*, and who has been designated as such in the health register by the holder of the authority;

(xi) " teletherapy source " means a sealed source of radioactive material which has an activity greater than one curie and whose gamma-ray emission is used for therapy of patients at a distance;

(xii) " adequate protection " means protection against external radiation and against the intake of radioactive material in such a way that the radiation dose received by any person from sources external and internal to the body does not exceed the maximum permissible doses allowed by these conditions;

(xiii) " external radiation " means radiation received by the body from radioactive sources outside it;

(xiv) " sealed source " means a radioactive source of ionising radiation which is firmly bonded within material or sealed in a capsule of sufficient mechanical strength so as to exclude the possibility of contact with the radioactive material and of the dispersion thereof into the environment under foreseeable conditions of use and wear;

(xv) " Act " means the Atomic Energy Act, 1967 (Act No. 90 of 1967).

Granting of Authorities

Non-transferability of authorities

2. All authorities issued in terms of section 8 of the Act shall be personal to the holder and shall not be transferable.

Responsible person

3. (1) An applicant for an authority shall nominate a properly qualified person and an alternate approved of by the board, to carry out the duties detailed in subcondition (2) on his behalf. The names of these persons shall be mentioned as such in the authority.

(2) The duties of the responsible person shall be as follows:—

(i) He is responsible to the holder of the authority for compliance with these conditions;

(ii) he shall satisfy himself that any person handling with his approval radioactive material or apparatus containing such material is medically fit and has adequate knowledge and experience to handle such material or apparatus;

(iii) he shall ensure that all persons working with radioactive material or who are exposed to radiation whilst working with such material, are fully conversant with the health and safety measures and operating instructions applicable to the radioactive material under his control;

(iv) in case of fire, floods, cyclones and similar emergencies, he shall warn all persons engaged in salvage and protection work of the danger attached to the radioactive material under his control;

(v) where the board requires certain persons to have specified qualifications, for example for the use of radioactive material for industrial radiography, he shall ensure that only those persons who have been registered by the board, use such material.

(x) „ stralingswerker " beteken 'n persoon wat potensieel blootgestel is aan ioniserende straling of radioaktiewe materiaal as gevolg van sy werksaamhede en wat as sodanig in die gesondheidsregister deur die gemagtigde aangewys word;

(xi) „ teleterapiebron " beteken 'n verseëlde bron van radioaktiewe materiaal wat 'n aktiwiteit groter as een curie het en waarvan die gammastraling vir die terapie van pasiënte op 'n afstand gebruik word;

(xii) „ toereikende beskerming " beteken beskerming teen uitwendige straling en teen die inneem van radioaktiewe materiaal op so 'n wyse dat die stralingsdosis wat enige persoon van bronne buite en binne die liggaam ontvang, nie die maksimum toelaatbare dosisse wat by hierdie voorwaardes veroorloof word, te bowe gaan nie;

(xiii) „ uitwendige straling " beteken straling wat die liggaam van radioaktiewe bronne wat buite die liggaam is, ontvang;

(xiv) „ verseëlde bron " beteken 'n radioaktiewe bron van ioniserende straling wat stewig in materiaal gebonde is of verseël is in 'n kapsule van toereikende meganiese sterkte wat die moontlikheid van aanraking met die radioaktiewe materiaal en die verspreiding daarvan in die omgewing, onder voorsienbare toestande van gebruik en slytasie, uitsluit;

(xv) „ Wet " beteken die Wet op Atoomkrag, 1967 (Wet No. 90 van 1967).

Verlening van Magtigings

Nie-oordraagbaarheid van magtigings

2. Alle magtigings wat ingevolge artikel 8 van die Wet uitgereik word, word aan die gemagtigde persoonlik uitgereik en is nie oordraagbaar nie.

Verantwoordelike persoon

3. (1) 'n Applikant vir 'n magtiging moet 'n geskikte gekwalifiseerde persoon en plaasvervanger wat deur die raad goedgekeur moet word, benoem om die pligte in subvoorwaarde (2) genoem ten behoewe van die gemagtigde uit te voer. Hierdie persone moet as sulks in die magtiging genoem word.

(2) Die pligte van die verantwoordelike persoon is soos volg:—

(i) Hy is aan die gemagtigde verantwoordelik vir die nakoming van hierdie voorwaardes;

(ii) hy moet hom tevrede stel dat enigiemand wat radioaktiewe materiaal of apparaat wat sodanige materiaal bevat, met sy goedkeuring hanteer, medies geskik is en oor voldoende kennis en ervaring beskik om sodanige materiaal of apparaat te hanteer;

(iii) hy moet hom tevrede stel dat alle persone wat met radioaktiewe materiaal werk of wat blootgestel is aan straling terwyl hulle daarmee werk, ten volle op hoogte is van die gesondheids- en veiligheidsmaatreëls en gebruiksvoorskrifte wat op die radioaktiewe materiaal onder sy beheer van toepassing is;

(iv) hy moet, in geval van brand, oorstroming, siklone en dergelike noodtoestande, alle persone wat bergings- en beskermingswerk doen, teen die gevare verbonde aan die radioaktiewe materiaal onder sy beheer waarsku;

(v) waar bepaalde kwalifikasies deur die raad vereis word van persone bv. vir die gebruik van radioaktiewe materiaal vir nywerheidsradiografiese doeleindes, moet hy toesien dat slegs sodanige persone wat by die raad geregistreer is, die materiaal gebruik.

Examination of radiation workers

4. Any applicant for an authority or any of his employees who handle radioactive material shall, if required by the board, submit himself for examination by the board or by a person authorised thereto by the board so that the board can determine whether or not the applicant or any of his employees possesses the necessary knowledge and experience.

Health register

5. (1) A health register in a form approved by the board shall be kept by the holder of the authority. The register shall contain at least the following particulars:—

(i) The names of all radiation workers;

(ii) the dates and results of the tests of such persons by the appointed doctor as provided in conditions 15 (1), 16 (5), 17 (2) and 19 (3);

(iii) the radiation doses received by such persons as provided in conditions 26, 27 (3), 29, 30 (2) and 31 (4);

(iv) all other particulars required by these conditions.

(2) Every register kept in pursuance of subcondition (1) shall be preserved and kept available for inspection for at least 10 years after the date of the last entry in the register and such register shall be endorsed with this requirement.

(3) Where an authority has been suspended or cancelled or has terminated, the board may require the health register to be forwarded to it.

Inspections

6. The inspectors appointed by the board in terms of section 16 (1) (*b*) of the Act, and authorised thereto by section 9 (2) of the Act, shall have the right to enter, at all reasonable times the premises of applicants for authorities or users of radioactive material in order to determine whether the accommodation facilities are suitable, whether the equipment is suitable and efficient, whether the practice employed in the use of radioactive material complies with the provisions of these conditions and, generally, whether the holders comply with the requirements of these conditions.

Cancellation of authorities

7. Any authority issued in terms of section 8 of the Act may be suspended, amended or cancelled by the board—

(1) where the person or institution or any of its employees contravenes any provision of these conditions or a condition of the authority; or

(2) where, due to unforeseen circumstances or conditions, the suspension, amendment or cancellation is considered by the board to be in the public interest.

Handling, Storage and Transport

Forbidden use by unauthorised persons

8. No person shall handle radioactive material or an instrument containing such material, without the approval of the responsible person concerned.

Safe handling and storage

9. The storage of and all work associated with radioactive material shall be so arranged and conducted as to afford adequate protection to all persons.

Eksaminering van stralingswerkers

4. Indien die raad dit vereis, moet 'n applikant vir 'n magtiging of enigeen van sy werknemers wat radioaktiewe materiaal hanteer, hom aan 'n eksamen deur die raad of 'n persoon deur die raad daartoe gemagtig, onderwerp sodat die raad kan vasstel of die applikant of enigeen van sy werknemers die nodige kennis en ondervinding besit.

Gesondheidsregister

5. (1) 'n Gesondheidsregister in 'n vorm deur die raad goedgekeur moet deur die gemagtigde gehou word. Die register moet minstens die volgende besonderhede bevat:—

(i) Die name van alle stralingswerkers;

(ii) die datums en uitslae van ondersoeke van sodanige persone deur die aangestelde geneesheer, soos in voorwaardes 15 (1), 16 (5), 17 (2) en 19 (3) bepaal;

(iii) die stralingsdosisse ontvang deur sodanige persone soos in voorwaardes 26, 27 (3), 29, 30 (2) en 31 (4) bepaal;

(iv) alle ander besonderhede deur hierdie voorwaardes vereis.

(2) Elke register wat ooreenkomstig subvoorwaarde (1) gehou word, moet vir minstens 10 jaar na die datum van die laaste inskrywing in die register bewaar en vir inspeksie beskikbaar gehou word, en hierdie vereiste moet op sodanige register geëndosseer word.

(3) Wanneer 'n magtiging opgeskort of ingetrek word of verval, kan die raad vereis dat die gesondheidsregister aan die raad gestuur word.

Inspeksies

6. Die inspekteurs deur die raad kragtens artikel 16 (1) (*b*) van die Wet aangestel, en kragtens artikel 9 (2) van die Wet gemagtig, het die reg om op alle redelike tye die persele van applikante vir magtigings of gebruikers van radioaktiewe materiaal te betree om vas te stel of die akkommodasiefasiliteite geskik is, of die toerusting geskik en doeltreffend is, of die praktyk wat by die gebruik van radioaktiewe materiaal gevolg word, aan die bepalings van hierdie voorwaardes voldoen en, oor die algemeen, of gemagtigdes aan die vereistes van hierdie voorwaardes voldoen.

Intrekking van magtigings

7. Enige magtiging wat ingevolge artikel 8 van die Wet uitgereik is, kan deur die raad opgeskort, gewysig of ingetrek word—

(1) waar die persoon of inrigting of enige van sy werknemers enige bepaling van hierdie voorwaardes of 'n voorwaarde van die magtiging oortree; of

(2) waar die opskorting, wysiging of intrekking van die magtiging weens onvoorsiene omstandighede of toestande deur die raad in die openbare belang geag word.

Hantering, Opberging en Vervoer

Gebruik deur ongemagtigde persone verbode

8. Niemand mag radioaktiewe materiaal of 'n instrument wat sodanige materiaal bevat, hanteer nie sonder die goedkeuring van die betrokke verantwoordelike persoon.

Veilige hantering en opberging

9. Die opberging van, en alle werk met radioaktiewe materiaal moet so gereël en uitgevoer word dat dit toereikende beskerming aan alle persone bied.

Warning signs

10. Appropriate warning signs or notices, which are easily intelligible to all persons, shall be displayed at the entrances to, or at appropriate places in, all areas where contamination with radioactive material is possible or where persons may be exposed to radiation from such material or where such material is stored.

Disposal of radioactive waste

11. Meticulous care shall be taken by the holder of the authority in the disposal of radioactive waste, and such disposal shall be made only in a manner approved by the board from time to time, either generally or in any particular case.

Alteration to existing facilities and protective measures

12. The holder of an authority shall give not less than one month's prior written notice to the board of his intention to carry out extensions or modifications to apparatus, plant or sources emitting ionising radiation or to measures protecting persons against such radiation, which may increase the danger of radiation materially. Such extensions or alterations shall not be effected without the written permission of the board.

Transport of radioactive material

13. (1) No radioactive material shall be offered for transportation by rail, ship, aircraft or road vehicle unless the radioactive material is packed, shielded, marked and labelled in accordance with the Regulations for the Safe Transport of Radioactive Material, as drawn up from time to time by the International Atomic Energy Agency, details of which are obtainable, on application, from the board, or in a manner approved by the board.

(2) Any container of radioactive material imported from recognised foreign suppliers shall be deemed to comply with the provisions of these conditions relating to the packing, marking and labelling of radio-active material if it is packed, marked and labelled in accordance with the law in that connection in force for the time being in the country of origin.

Accident equipment

14. Where the board deems it necessary it may prescribe special equipment and facilities to be kept available in cases of emergency.

Medical Control of Radiation Workers

Medical examination before employment

15. (1) No person shall be employed as a radiation worker unless, within a period of two months immediately preceding his first employment as radiation worker—

(i) he has undergone a satisfactory blood examination in accordance with condition 17;

(ii) the appointed doctor has declared him medically fit; and

(iii) an entry to that effect has been made by the appointed doctor in the health register.

(2) The expression "first employment" in subcondition (1) means first employment as radiation worker and also re-employment following any cessation of such employment for a period exceeding 12 months.

Waarskutekens

10. Toepaslike waarskutekens of kennisgewings wat maklik deur almal verstaan kan word, moet vertoon word by die ingange na, of by ander geskikte plekke in alle gebiede waar kontaminasie deur radioaktiewe materiaal moontlik is of waar persone aan uitstraling van sulke materiaal blootgestel kan word of waar sulke materiaal opgeberg word.

Wegruiming van radioaktiewe afval

11. Die gemagtigde moet die allergrootste sorg met die wegruiming van radioaktiewe afval dra en sodanige wegruiming moet slegs geskied op 'n manier wat die raad van tyd tot tyd oor die algemeen of in enige besondere geval, goedkeur.

Verandering in bestaande fasiliteite en beskermingsmaatreëls

12. Die gemagtigde moet minstens een maand vooruit skriftelik aan die raad kennis gee dat hy van voorneme is om uitbreidings of veranderings wat die stralings gevaar wesentlik mag vermeerder, aan te bring aan apparaat, installasies of bronne wat ioniserende straling uitstraal of maatreëls wat persone teen sodanige straling beskerm. Sodanige uitbreidings of veranderings mag nie sonder skriftelike toestemming van die raad aangebring word nie.

Vervoer van radioaktiewe materiaal

13. (1) Geen radioaktiewe materiaal mag vir vervoer per spoor, skip, vliegtuig of padvoertuig aangebied word nie, tensy die radioaktiewe materiaal verpak, afgeskerm, gemerk en van 'n etiket voorsien is ooreenkomstig die Regulasies vir die Veilige Vervoer van Radioaktiewe Materiaal soos van tyd tot tyd deur die Internasionale Atoomenergie-agentskap opgestel en waarvan besonderhede op aanvraag van die raad verkry kan word, of op 'n wyse deur die raad goedgekeur.

(2) Enige houer van radioaktiewe materiaal wat van erkende buitelandse verskaffers ingevoer word, word geag aan die bepalings van hierdie voorwaardes met betrekking tot verpakking, merk en etikettering van radioaktiewe materiaal te voldoen indien dit verpak, gemerk en van 'n etiket voorsien is ooreenkomstig die wet wat in daardie verband in die land van herkoms van krag is.

Ongelukstoerusting

14. Waar die raad dit nodig ag kan hy voorskryf dat spesiale toerusting en fasiliteite vir noodgevalle beskikbaar gehou word.

Mediese Beheer van Stralingswerkers

Mediese ondersoek voor indiensneming

15. (1) Niemand mag as stralingswerker in diens geneem word nie tensy hy binne 'n tydperk van twee maande onmiddellik voor sy eerste indiensneming as stralingswerker—

(i) 'n bevredigende bloedondersoek ooreenkomstig voorwaarde 17 ondergaan het;

(ii) hy medies geskik bevind is deur die aangestelde geneesheer; en

(iii) 'n inskrywing tot dien effekte deur die aangestelde geneesheer in die gesondheidsregister gedoen is.

(2) Die uitdrukking „eerste indiensneming" in subvoorwaarde (1) beteken eerste indiensneming as stralingswerker en ook herindiensneming na enige beëindiging van sodanige diens vir 'n tydperk van meer as 12 maande.

Medical supervision

16. (1) The holder of an authority shall make arrangements for medical supervision by the appointed doctor over all radiation workers and also for specific medical examinations as provided in these conditions.

(2) The holder of an authority shall arrange for the medical examination of all radiation workers—

(i) at intervals of not more than 14 months as long as his employment as a radiation worker continues;

(ii) when overexposure is suspected or has been established; and

(iii) at such other times as the appointed doctor in his discretion may determine.

(3) It shall be the duty of radiation workers or intending radiation workers to submit themselves for medical examination in accordance with the provisions of these conditions.

(4) Every medical examination shall include an examination of the hands and of the blood and may, at the discretion of the appointed doctor, include an examination of the urine and an X-ray examination of the chest or any other special examination.

(5) The particulars required by this condition shall be noted in the health register.

Blood examinations

17. (1) Every blood examination shall be made by a laboratory or person registered by the board and shall include a total red cell and white cell count, with a differential white cell count, estimation of haemoglobin in grams per 100 cubic centimetres of whole blood, and a search for abnormal cells and a record of those noticed. Where abnormal blood counts persist, consideration should be given to bone-marrow studies.

(2) The report of the blood examinations shall be sent to the appointed doctor and entered in the health register.

Workers who received excess radiation

18. Whenever a radiation worker has received a radiation dose in excess of that permitted by condition 21, the appointed doctor and the holder of the authority shall jointly examine the circumstances of the exposure and the possible effects on the worker concerned, and shall jointly decide on the action to be taken.

Appointed doctor's power of suspension

19. (1) The appointed doctor shall have power to suspend from employment any worker whom he has examined. In the event of such a suspension, he shall enter a signed certificate in the health register giving the reasons. Such action shall be reported to the board immediately.

(2) The board shall, at the request of a worker who has been suspended, submit the findings of the appointed doctor to an *ad hoc* committee consisting of four persons, namely two suitably qualified doctors, a health physicist and an experienced and impartial legal practitioner who shall be the chairman. This committee shall have power to confirm, vary or cancel the suspension. The decision of the committee shall be final and shall be entered in the health register.

(3) No person who has been suspended shall be employed on radiation work without the written approval of the appointed doctor, which approval shall be entered in the health register.

Mediese toesig

16. (1) Die gemagtigde moet reëlings tref vir mediese toesig deur die aangestelde geneesheer oor alle stralingswerkers en ook vir spesifieke mediese ondersoeke soos in hierdie voorwaardes bepaal.

(2) Die gemagtigde moet reël dat alle stralingswerkers medies ondersoek word—

(i) met tussenposes van hoogstens 14 maande solank hy as stralingswerker werksaam is;

(ii) wanneer oorbestraling vermoed word of vasgestel is; en

(iii) op sodanige ander tye as wat die aangestelde geneesheer na goeddunke bepaal.

(3) Stralingswerkers of voornemende stralingswerkers moet hulle in ooreenstemming met die bepalings van hierdie voorwaardes aan 'n mediese ondersoek onderwerp.

(4) Elke mediese ondersoek moet 'n ondersoek van die hande en van die bloed insluit en kan na goeddunke van die aangestelde geneesheer 'n ondersoek van die urine en 'n X-straalondersoek van die bors of enige ander spesiale ondersoek insluit.

(5) Besonderhede soos deur hierdie voorwaarde vereis moet in die gesondheidsregister aangeteken word.

Bloedondersoeke

17. (1) Elke bloedondersoek moet gedoen word deur 'n laboratorium of persoon wat deur die raad aangeteken is en moet 'n totale telling van rooiselle en witselle met 'n differensiële telling van witselle insluit, asook 'n raming van hemoglobien in gram per 100 kubieke sentimeters heel bloed, en 'n opsporing en rekord van abnormale selle wat opgemerk word. Waar abnormale bloedtellings voortduur, moet oorweging aan studies van die beenmurg geskenk word.

(2) Die verslag van 'n bloedondersoek moet aan die aangestelde geneesheer gestuur en in die gesondheidsregister ingevoeg word.

Werkers wat oormatige straling ontvang

18. Wanneer 'n stralingswerker 'n stralingsdosis ontvang het wat meer is as dié wat by voorwaarde 21 veroorloof word, moet die aangestelde geneesheer en die gemagtigde gesamentlik die omstandighede van die blootstelling en die moontlike uitwerking daarvan op die betrokke werker ondersoek en gesamentlik besluit oor die stappe wat gedoen moet word.

Aangestelde geneesheer se skorsingsbevoegdheid

19. (1) Die aangestelde geneesheer het die bevoegdheid om enige werker wat hy ondersoek het, van diens te skors. Met sodanige skorsing moet hy 'n ondertekende sertifikaat in die gesondheidsregister aanbring met opgawe van redes. Sodanige optrede moet onmiddellik aan die raad gerapporteer word.

(2) Op aansoek van die geskorste, moet die raad die bevindings van die aangestelde geneesheer voorlê aan 'n *ad hoc*-komitee bestaande uit vier persone, naamlik twee geskikte gekwalifiseerde geneeshere, 'n gesondheidsfisikus en 'n ervare onpartydige regsgeleerde wat as voorsitter sal optree. Hierdie komitee kan die skorsing bekragtig, wysig of tersyde stel. Die bevinding van die komitee is finaal en moet in die gesondheidsregister aangeteken word.

(3) Niemand mag, na skorsing, stralingswerk doen nie sonder die skriftelike goedkeuring van die aangestelde geneesheer. Hierdie goedkeuring moet in die gesondheidsregister aangeteken word.

Maximum Permissible Radiation

Exposure to ionising radiation

20. No person, unless adequately protected, shall unnecessarily expose himself to a useful beam or to the radiation field of a source emitting ionising radiation, nor may any person be exposed thereto except for medical purposes.

Maximum permissible doses and concentrations

21. (1) The radiation doses and concentrations of radioactivity in air and water to which persons may be exposed, shall not exceed the values recommended from time to time by the International Commission on Radiological Protection, details of which are obtainable, on application, from the board.

(2) In dealing with emergencies, the work shall be planned in such a way that no person shall receive a dose in excess of that recommended by the International Commission on Radiological Protection for planned exceptional exposures.

Maximum permissible contamination

22. The radioactive contamination of surfaces shall not exceed the values specified in the following table:—

Radioactivity.	Parts of body; personal clothing; hospital bedding; inactive areas	Protective clothing; active laboratories; glassware; tools
Alpha emitters..	10^{-5} microcuries per square centimetre	10^{-3} microcuries per square centimetre
Beta emitters....	10^{-4} microcuries per square centimetre	10^{-3} microcuries per square centimetre

Monitoring Equipment

Provision of monitoring equipment

23. All radiation workers shall be provided with the appropriate monitoring equipment prescribed in these conditions.

Testing of monitoring equipment

24. Such monitoring equipment as the board may direct shall be tested and calibrated, by a person or institution approved by the board, before being brought into use or after repairs as well as at regular intervals not exceeding 14 months in the course being used.

Issue of calibration certificates

25. The calibrating or testing officer or institution shall issue to the holder of an authority, whose instruments have been tested or calibrated, a certificate containing particulars of the monitoring equipment which has been calibrated or tested as well as the date of calibration or test.

Personnel Dosimetry

Film badges

26. All radiation workers shall wear film badges. The holder of an authority shall obtain the film badges from a laboratory approved by the board and shall have the badges, clearly identified with reference to the particular wearer, examined by the said laboratory. The said laboratory shall issue reports as to the dose recorded on each film badge. The results of each examination shall be inserted in the health register.

Maksimum Toelaatbare Straling

Blootstelling aan ioniserende straling

20. Niemand, tensy hy toereikende beskerming het, mag hom onnodig aan 'n nuttige straal of aan die stralingsveld van 'n bron wat ioniserende straling uitstraal, blootstel nie en niemand mag ook daaraan blootgestel word nie behalwe vir mediese doeleindes.

Maksimum toelaatbare dosisse en konsentrasies

21. (1) Die stralingsdosisse en die konsentrasies van radioaktiwiteit in lug en water waaraan persone blootgestel mag word, mag nie hoër wees nie as die waardes wat van tyd tot tyd deur die Internasionale Kommissie vir Radiologiese Beskerming aanbeveel word en waarvan besonderhede op aanvraag van die raad verkrygbaar is.

(2) In noodgevalle moet die werk so beplan word dat niemand 'n hoër dosis as dié wat deur die Internasionale Kommissie vir Radiologiese Beskerming vir beplande uitsonderlike blootstellings aanbeveel word, ontvang nie.

Maksimum toelaatbare kontaminasie

22. Die radioaktiewe kontaminasie van oppervlakke mag nie die waardes wat in onderstaande tabel gespesifiseer is, te bowe gaan nie:—

Radioaktiwiteit.	Liggaamsdele; persoonlike kledingstukke; hospitaalbeddegoed; onaktiewe gebiede	Beskermende klere; „ aktiewe " laboratoriums; glasware; gereedskap
Alfastralers.....	10^{-5} mikrocurie per vierkante sentimeter	10^{-3} mikrocurie per vierkante sentimeter
Betastralers.....	10^{-4} mikrocurie per vierkante sentimeter	10^{-3} mikrocurie per vierkante sentimeter

Monitortoerusting

Verskaffing van monitortoerusting

23. Alle stralingswerkers moet deur die gemagtigde voorsien word van die toepaslike monitortoerusting wat by hierdie voorwaardes voorgeskryf word.

Toets van monitortoerusting

24. Die monitortoerusting wat die raad gelas, moet deur 'n inrigting of persoon deur die raad goedgekeur, getoets en geyk word voor ingebruikneming, na herstelwerk en gedurende gebruik met gereëlde tussenposes van hoogstens 14 maande.

Uitreiking van yksertifikate

25. Die yk- of toetsbeampte of -inrigting moet aan die gemagtigde wie se instrumente getoets of geyk is, 'n sertifikaat uitreik wat besonderhede van die monitortoerusting wat geyk of getoets is, sowel as die datum van yking of toets, bevat.

Personeeldosismeting

Filmwapens

26. Alle stralingswerkers moet filmwapens dra. Die gemagtigde mag slegs filmwapens van 'n deur die raad goedgekeurde laboratorium verkry, en moet die filmwapens, behoorlik geïdentifiseer met betrekking tot die draer daarvan, laat ondersoek deur die laboratorium wat verslae aangaande die dosis wat op elke filmwapen voorkom, moet uitreik. Die resultate van elke ondersoek moet in die gesondheidsregister aangetoon word.

Pocket dosimeters

27. (1) Whenever workers are liable to be exposed to gamma emitters in excess of 200 milliroentgens during any one day, they shall, apart from the film badges, also wear pocket dosimeters which have full scale deflections of not more than 250 milliroentgens.

(2) Every pocket dosimeter shall be read at suitable intervals during use in order to determine the rate at which the dose is received.

(3) The radiation doses recorded on the pocket dosimeters shall be entered in the health register.

Determination of dose-rate

28. A suitable type of dose-rate meter shall be used to determine the dose-rate to which a user is exposed when approaching a radioactive source, and to ensure that nobody in the vicinity is overexposed.

Internal monitoring

29. Persons suspected of having inhaled or ingested radioactive material, or having been internally contaminated by any other means, shall undergo such tests as the board may direct at an institution approved by the board, and the results of the tests shall be entered in the health register.

Monitoring for contamination of personnel

30. (1) No person shall leave a place of work where unsealed radioactive material is produced, prepared or used, without undergoing adequate tests with suitable monitoring equipment to confirm that the radioactive contamination of his body and clothing does not exceed the values mentioned in condition 22.

(2) Whenever a person has been radioactively contaminated, the results of the monitoring tests carried out, as well as the steps taken to decontaminate such a person, shall be recorded in the health register.

Record of previous employment

31. (1) Any radiation worker shall, on the termination of his services with the holder of an authority, be supplied with a dose record together with such remarks and notes concerning him as are contained in the health register.

(2) On re-employment as a radiation worker such a person shall produce to the holder of the authority the record mentioned in subcondition (1).

(3) Any person who has been employed on any ionising radiation work shall, prior to employment as a radiation worker, furnish details of such employment to the holder of an authority.

(4) On employment as a radiation worker, the details mentioned in subconditions (1) and (3) shall be recorded in the health register.

Use of Unsealed Radioactive Material

Prevention against contamination

32. Adequate methods of protection shall be used to prevent radioactive contamination and to check whether or not contamination has occurred.

Area monitoring

33. Any area or room within which unsealed radioactive material is being used shall be monitored at suitable intervals during the operations to ensure that the radioactive contamination does not exceed the values mentioned in condition 22.

Sakdosismeters

27. (1) Waar werkers moontlik aan gammastraling van meer as 20 milliroentgen in een dag blootgestel kan word, moet hulle bo en behalwe die filmwapens ook sakdosismeters met volle uitwykings van hoogstens 250 milliroentgen dra.

(2) Elke sakdosismeter moet met geskikte tussenposes gedurende gebruik gelees word ten einde die tempo vas te stel waarteen die dosis opgedoen word.

(3) Stralingsdosisse soos geregistreer op die sakdosismeters, moet in die gesondheidsregister aangeteken word.

Bepaling van dosistempo

28. 'n Geskikte tipe dosistempometer moet gebruik word om die dosistempo te bepaal waaraan 'n gebruiker blootgestel is wanneer hy 'n radioaktiewe bron nader en om te verseker dat niemand in die omgewing oorblootgestel word nie.

Inwendige monitor

29. Persone wat vermoedelik radioaktiewe materiaal ingeasem of ingesluk het of op ander maniere inwendig gekontamineer is, moet die toetse wat die raad gelas, ondergaan aan 'n inrigting deur die raad goedgekeur. Die resultate van die toetse moet in die gesondheidsregister aangeteken word.

Monitor vir kontaminasie van personeel

30. (1) Niemand mag 'n werksplek waar onverseëlde radioaktiewe materiaal geproduseer, berei of gebruik word, verlaat nie sonder dat hy voldoende toetse met geskikte monitortoerusting ondergaan het om vas te stel of die radioaktiewe kontaminasie van sy liggaam en klere nie die waardes in voorwaarde 22 genoem, te bowe gaan nie.

(2) Wanneer 'n persoon radioaktief gekontamineer is, moet die resultate van die monitortoetse, sowel as die stappe wat gedoen is om so 'n persoon te dekontamineer, in die gesondheidsregister aangeteken word.

Rekord van vorige diens

31. (1) 'n Stralingswerker moet by beëindiging van sy diens by 'n gemagtigde, voorsien word van 'n dosisrekord tesame met sodanige opmerkings en aantekeninge oor hom as wat die gesondheidsregister bevat.

(2) By herindiensneming as stralingswerker moet so 'n persoon die rekord in subvoorwaarde (1) vermeld, aan die gemagtigde toon.

(3) 'n Persoon wat werk met enige ioniserende straling gedoen het, moet voor indiensneming as stralingswerker besonderhede van sodanige diens aan die gemagtigde verstrek.

(4) By indiensneming as stralingswerker moet die besonderhede in subvoorwaardes (1) en (3) vermeld, in die gesondheidsregister aangeteken word.

Gebruik van Onverseëlde Radioaktiewe Materiaal

Voorsorgmaatreëls teen kontaminasie

32. Toereikende beskermingsmetodes moet aangewend word om radioaktiewe kontaminasie te voorkom en om te kontroleer of kontaminasie plaasgevind het of nie.

Monitor vir kontaminasie van gebiede

33. Enige gebied of kamer waarin onverseëlde radioaktiewe materiaal gebruik word, moet met geskikte tussenposes gedurende die werksaamhede gemonitor word om te verseker dat die radioaktiewe kontaminasie nie die waardes in voorwaarde 22 vermeld, te bowe gaan nie.

Protective garments

34. (1) Suitable protective garments, such as laboratory coats, overalls and gloves, must be worn by persons working with radioactive material. Protective garments must be taken off before a person leaves the area in which radioactive contamination occurs or may occur.

(2) Protective garments must be monitored for radioactive contamination before being handed in for washing. Contaminated garments must be washed separately.

Prohibited practices

35. The following practices are prohibited in areas in which radioactive contamination may occur:—

(i) Eating, drinking or smoking, and the storing, preparing, or handling of food, medicine, smoking utensils and cosmetics;

(ii) the pipetting by mouth of any liquid containing radioactive material.

Ventilation requirements

36. No person shall work indoors with radioactive material unless the room is adequately ventilated.

Protection against respiratory contamination

37. An approved respirator, combat mask or air hood shall be worn by persons working with radioactive material in any area where the airborne concentration may exceed the maximum concentrations permitted by condition 21. Such respirators, combat masks or air hoods shall be inspected and monitored after each use and be constantly kept in a clean and working condition.

Use of Sealed Radioactive Sources

Register of sealed sources

38. (1) A register shall be kept showing the following particulars in respect of every sealed source, namely:—

(i) The certificate number or other particulars sufficient to identify the sealed source;

(ii) the kind of source and the maximum activity on a specific date;

(iii) the date on which the holder of the authority received the source;

(iv) the date on which the source left the control of the holder of the authority and the manner of its disposal; and

(v) the results of the examinations for leakage as required by condition 40.

(2) The holder of the authority, or a person appointed by him for this purpose, shall constantly satisfy himself that each source is satisfactorily accounted for.

Storage of sealed sources

39. (1) When not in use, or in transit or being tested, sealed sources shall be stored under lock and key in a place exclusively reserved for the purpose and providing adequate protection: Provided that, in the case of a sealed source housed in an apparatus or installation, the requirements of this subcondition shall not apply as long as adequate protection in relation to that sealed source is afforded to all persons by such coverplate, shutter or shield as is referred to in condition 49 (2).

Beskermende klere

34. (1) Geskikte beskermende kledingstukke soos laboratoriumjasse, oorpakke en handskoene, moet gedra word deur persone wat met onverseëlde radioaktiewe materiaal werk. Beskermende kledingstukke moet uitgetrek word voordat die gebied waarin radioaktiewe kontaminasie voorkom of kan voorkom, verlaat word.

(2) Alle beskermende klere moet gemonitor word voordat dit ingelewer word vir wasdoeleindes en radioaktief gekontamineerde klere moet afsonderlik gewas word.

Verbode praktyke

35. Die volgende praktyke in gebiede waar radioaktiewe kontaminasie kan voorkom, is verbode:—

(i) Eet, drink of rook, en die opberging, bereiding of hantering van voedsel, medisyne, rookgoed en skoonheidsmiddels;

(ii) die pipettering met die mond van enige vloeistof wat radioaktiewe materiaal bevat.

Ventilasievereistes

36. Binnenshuis mag daar slegs met radioaktiewe materiaal gewerk word in kamers wat toereikend geventileer is.

Beskerming teen kontaminasie deur inaseming

37. 'n Goedgekeurde asemmasker, gasmasker of lughelm moet gedra word deur persone wat met radioaktiewe materiaal werk in enige lokaal waar die konsentrasie in lug groter mag wees as die maksimum toelaatbare konsentrasies wat by voorwaarde 21 veroorloof word. Sodanige asemmaskers, gasmaskers of lughelms moet nagesien en gemonitor word elke keer nadat dit gebruik is en voortdurend in 'n skoon en werkende toestand gehou word.

Gebruik van Verseëlde Radioaktiewe Bronne

Register van verseëlde bronne

38. (1) 'n Register moet gehou word waarin die volgende besonderhede ten opsigte van elke verseëlde bron aangetoon word, naamlik:—

(i) Die sertifikaatnommer of ander besonderhede wat voldoende is om die verseëlde bron te identifiseer;

(ii) die aard en die maksimum aktiwiteit op 'n bepaalde datum;

(iii) die datum waarop die gemagtigde die bron ontvang het;

(iv) die datum waarop die bron uit beheer van die gemagtigde verwyder is en die wyse waarop dit weggeruim is; en

(v) die resultate van lektoetse soos vereis deur voorwaarde 40.

(2) Die gemagtigde of 'n persoon deur hom daartoe aangestel, moet hom voortdurend tevrede stel dat elke bron op bevredigende wyse verantwoord is.

Opberging van verseëlde bronne

39. (1) Wanneer verseëlde bronne nie gebruik, vervoer of getoets word nie, moet hulle onder slot en grendel gehou word in 'n plek wat uitsluitlik vir die doel afgesonder is en wat toereikende beskerming bied: Met dien verstande dat in die geval van 'n verseëlde bron wat in 'n apparaat of in 'n installasie ingesluit is, die vereistes van hierdie subvoorwaarde nie van toepassing is nie solank toereikende beskerming met betrekking tot daardie verseëlde bron gebied word aan alle persone deur sodanige dekplaat, afsluiter of skerm soos in subvoorwaarde 49 (2) genoem.

(2) Where sealed sources are liable to release a radioactive gas, their place of storage shall be effectively ventilated to the open air by mechanical means before such place of storage is opened.

(3) A sealed source shall be removed from its place of storage, or from its storage container, only by a person authorised thereto by the holder of the authority.

Testing of sealed sources

40. (1) Permanently built-in sealed sources in apparatus such as static eliminators, level gauges, and thickness gauges, must be examined for leakage at intervals not exceeding 26 months.

(2) All other sealed sources must be examined for leakage at intervals not exceeding seven months.

(3) Records of such examinations must be entered in the register of sealed sources.

Damage to sealed sources

41. Where any sealed source is damaged or where reasonable grounds exist for believing that it is leaking or is likely to leak, it shall forthwith be sealed in an airtight container and the incident shall be reported to the board. Such source shall not be brought into use again until it has been effectively repaired and tested, and certified as in order, to the satisfaction of the board.

Procedure in Case of Accidents

Loss of radioactive material

42. If any person has reasonable grounds for surmising that he has lost or mislaid a sealed source or any other radioactive material, he shall notify the holder of the authority and the occupier of the premises, place of work or laboratory forthwith, who, after having satisfied themselves that the source or radioactive substance has been lost, shall immediately notify the board.

Reporting of accidents

43. (1) All accidents involving radioactive spillage, contamination or overexposure shall be reported forthwith to the responsible person.

(2) If the responsible person is of the opinion that any person has been overexposed or contaminated, he shall report the accident forthwith to the board.

Removal and treatment of personnel

44. In the event of spillage of radioactive material, persons liable to contamination or overexposure shall immediately be evacuated to safe areas and monitored for contamination.

Control of radioactive contaminated areas

45. All contaminated or presumably contaminated areas shall be demarcated by means of warning signs. Such areas shall also be monitored to determine the extent of contamination, and all possible measures shall be taken to prevent the spread of contamination. Such areas shall not be opened before they have been decontaminated to such an extent that the levels of contamination fall within the maximum values provided for in condition 22.

Report on an accident

46. A detailed report on an accident, as provided for by condition 43 (2), shall be prepared and inserted in the health register, stating—

(i) the cause of the accident;

(ii) the measures applied to prevent recurrence;

(2) Waar 'n verseëlde bron 'n radioaktiewe gas kan afgee, moet die plek waar dit opgeberg word doeltreffend na die ope lug deur meganiese middels geventileer word voordat die opbergingsplek oopgemaak word.

(3) 'n Verseëlde bron mag slegs deur 'n persoon wat deur die gemagtigde daartoe gemagtig is, uit sy opbergingsplek of houer verwyder word.

Toets van verseëlde bronne

40. (1) Verseëlde bronne wat permanent ingebou is in apparaat soos statiese eliminators, hoogtemeters en diktemeters, moet met tussenposes van hoogstens 26 maande vir lekkasie ondersoek word.

(2) Alle ander verseëlde bronne moet met tussenposes van hoogstens sewe maande vir lekkasie ondersoek word.

(3) Rekords van sulke toetse moet in die bronregister aangeteken word.

Beskadiging van verseëlde bronne

41. Waar 'n verseëlde bron beskadig is of waar redelike gronde bestaan om te vermoed dat dit lek of sal lek, moet dit onverwyld in 'n lugdigte houer verseël word en die voorval moet aan die raad gerapporteer word. Dit mag nie weer in gebruik geneem word nie voor dit doeltreffend herstel en getoets en in orde gesertifiseer is tot bevrediging van die raad.

Prosedure in Geval van Ongelukke

Verlies van radioaktiewe materiaal

42. Indien enigiemand redelike gronde het om te vermoed dat hy 'n verseëlde bron of enige ander radioaktiewe materiaal verloor of iewers verlê het, moet hy die gemagtigde en die okkupeerder van die perseel, werksplek of laboratorium onverwyld daarvan in kennis stel, wat, nadat hulle hulself tevrede gestel het dat die bron of radioaktiewe materiaal verloor is, onmiddellik die raad daarvan moet verwittig.

Aanmelding van ongelukke

43. (1) Alle ongelukke waarby radioaktiewe morsing, kontaminasie of moontlike oorblootstelling betrokke is, moet onverwyld aan die verantwoordelike persoon gerapporteer word.

(2) As die verantwoordelike persoon vermoed dat 'n persoon oorbestraal of -gekontamineer is, moet hy die ongeluk onverwyld aan die raad rapporteer.

Verwydering en behandeling van personeel

44. In die geval van morsing van radioaktiewe materiaal moet persone wat waarskynlik gekontamineer of oorbestraal is, onmiddellik na 'n veilige gebied ontruim en vir kontaminasie gemonitor word.

Beheer oor radioaktief gekontamineerde gebiede

45. Alle gekontamineerde en vermoedelik gekontamineerde gebiede, moet met waarskutekens afgebaken word. Sulke gebiede moet ook gemonitor word om die mate van kontaminasie te bepaal en alles moet gedoen word om verspreiding van die kontaminasie te verhoed. Sodanige gebiede moet ook nie weer oopgestel word nie alvorens hulle skoongemaak is, tot so 'n mate dat die kontaminasiepeile binne die maksimum toelaatbare waardes in voorwaarde 22 gestel, val.

Verslag oor 'n ongeluk

46. 'n Uitvoerige verslag oor 'n ongeluk, soos in voorwaarde 43 (2) vermeld, moet opgestel en in die gesondheidsregister ingevoeg word, met opgawe van—

(i) die oorsaak van die ongeluk;

(ii) die stappe wat gedoen is om herhaling te voorkom;

(iii) the measures taken to comply with the requirements of the board; and

(iv) the radiation dose received by each individual affected.

Facilities for Special Processes

N.B.—Conditions 47 and 48 shall apply only to the use of ionising radiation for industrial radiography and condition 47 only to the irradiation of material for the purpose of sterilisation or of inducing chemical, physical or biological changes.

Enclosure for use of ionising radiation

47. (1) Subject to the provisions of these conditions, ionising radiation shall be used only within an enclosure set apart for the purpose and providing, under all operating conditions, adequate shielding against direct and scattered radiation for all persons outside the enclosure.

(2) Whilst any source within the enclosure is exposed, effective arrangements shall be made to exclude from the enclosure all persons other than the radiation workers who shall, while ensuring adequate protection for themselves, enter or remain within the enclosure for the minimum time necessary to make essential adjustments to the apparatus.

(3) Where a source is used inside the enclosure, means shall be provided to enable any person accidentally shut in to vacate the enclosure as soon as possible, or to control the mechanism whereby the source is removed from and returned to the place of storage or to shut off the useful beam.

Industrial radiography

48. (1) Industrial gamma-ray radiography shall be undertaken only by persons certified by the board as competent to use radioactive sources for industrial radiography, where such persons comply with the requirements of knowledge, training and experience as stipulated by the board from time to time.

(2) The board may from time to time determine the maximum activity of radioactive sources per handling facility for use in industrial radiography.

(3) All containers for radioactive sources used in industrial radiography shall, on being removed from the premises of the user thereof, be fitted with locks to prevent the removal or exposure of such sources by unauthorised persons.

(4) In gamma-ray radiography the radiographic assembly shall be completed before the sealed source is exposed.

(5) In radiography, where the provision of an enclosure in terms of condition 47 is impracticable the assembly shall be isolated from other work and the operator and other persons shall be adequately protected by exclusion from a suitably marked area round the sealed source and the article being examined: Provided that where a sealed source is in use, members of the radiation staff may, whilst ensuring adequate protection for themselves, enter or remain in such marked area for the minimum time necessary to make the essential adjustments to the apparatus inside.

Static Eliminators and Measuring and Detecting Devices

N.B.—This condition applies only to sealed sources used in static eliminators, thickness gauges, density gauges, package monitors and level gauges.

(iii) die stappe wat gedoen is om aan die vereistes van die raad te voldoen; en

(iv) die stralingsdosis wat elke betrokke indiwidu ontvang het.

Fasiliteite vir Spesiale Prosesse

Let wel.—Voorwaardes 47 en 48 is slegs van toepassing op die gebruik van ioniserende straling vir nywerheidsradiografie en voorwaarde 47 slegs op bestraling van materiaal vir die doel van sterilisasie of vir die induisering van chemiese, fisiese of biologiese toestandsveranderings.

Afskorting vir gebruik van ioniserende straling

47. (1) Behoudens die bepalings van hierdie voorwaardes moet ioniserende straling gebruik word slegs binne 'n afskorting wat daarvoor afgesonder is en wat onder alle bedryfstoestande toereikende beskerming teen direkte en strooistraling aan alle persone buite die afskorting bied.

(2) Solank enige bron binne die afskorting blootgestel word, moet doeltreffende reëlings getref word om alle persone van die afskorting uit te sluit, behalwe die stralingswerkers wat, terwyl hulle toereikende beskerming vir hulle self verseker, die afskorting vir die minimum tyd wat nodig is om noodsaaklike verstellings aan die apparaat te maak, mag binnegaan of daarin mag bly.

(3) Waar 'n bron binne die afskorting gebruik word, moet middele voorsien word om enige persoon wat per ongeluk daarin ingesluit word, in staat te stel om so gou moontlik uit die afskorting te kan kom of om die meganisme deur middel waarvan die bron uit sy opbergingsplek gehaal en daarin teruggeplaas word, te beheer, of om die nuttige straal af te sluit.

Nywerheidsradiografie

48. (1) Nywerheidsgammastraalradiografie mag slegs gedoen word deur persone wat deur die raad as bevoeg gesertifiseer is om radioaktiewe bronne vir nywerheidsradiografie te gebruik, waar sodanige persone voldoen aan die vereistes van kennis, opleiding en ervaring soos van tyd tot tyd deur die raad vereis.

(2) Die raad kan van tyd tot tyd die maksimum aktiwiteit van radioaktiewe bronne wat per hanteringsfasiliteit vir nywerheidsradiografie gebruik mag word, bepaal.

(3) Alle houers wat radioaktiewe bronne bevat wat vir nywerheidsradiografie gebruik word en wat die perseel van die gebruiker verlaat, moet voorsien wees van 'n slot wat sal voorkom dat die bron deur ongemagtigde persone verwyder of blootgestel kan word.

(4) By gammastraalradiografie moet die opstelling voltooi wees voordat die verseëlde bron blootgestel word.

(5) By radiografie waar die voorsiening van 'n afskorting ooreenkomstig voorwaarde 47 onuitvoerbaar is, moet die opstelling geïsoleer word van ander werk en moet die operateur en ander persone toereikend beskerm word deur uitsluiting van 'n op geskikte wyse afgemerkte gebied rondom die verseëlde bron en die artikel wat ondersoek word: Met dien verstande dat waar 'n verseëlde bron in gebruik is, die stralingswerkers terwyl hulle toereikende beskerming vir hulle self verseker, so 'n afgemerkte gebied vir die minimum tyd wat nodig is om die noodsaaklike verstellings aan die apparaat daarbinne te maak, mag binnegaan of daarin mag bly.

Statiese Eliminators en Meet- en Speurtoestelle

Let wel.—Hierdie voorwaarde is net van toepassing op verseëlde bronne wat in statiese eliminators, diktemeters, digtheidsmeters, verpakkingsmonitors en hoogtemeters gebruik word.

49. (1) Where necessary, the normally exposed portion of a sealed source as installed for use shall be mechanically protected against accidental damage and abrasion by the provision of an effective shield. In the event of any damage to this shield, the unit shall be taken out of service forthwith and shall not be brought into use again until the shielding has been effectively repaired.

(2) Every sealed source shall be provided with a coverplate, shutter or shield capable of being easily, securely and quickly placed in position, or moved so as to intercept the useful beam. Every such device shall afford adequate protection to all persons including those installing, removing, transporting or maintaining the sealed source or any machinery or plant in close proximity to it. Every coverplate, shutter or shield provided in pursuance of this subcondition must be used.

(3) Where maintenance work is being carried out by any person or persons on this apparatus, such person or persons shall also be subject to the requirements of the conditions.

(4) The container of each sealed source shall be prominently engraved, stamped or otherwise permanently marked to give warning against unnecessary exposure to radiation.

MEDICAL ADMINISTERING OF RADIOACTIVE MATERIAL AND RADIATION

N.B.—Conditions 50 to 70 apply only to the administering of radioactive material and radiation to patients for medical purposes.

Authority to Administer Medically

Radiotherapists

50. Radiotherapists recognised as such by the board in terms of condition 1 (ix), may administer radioactive material to patients and may treat patients with teletherapy sources.

Medical practitioners

51. Authority may be granted by the board to medical practitioners to administer limited activities, of certain radioactive material such as the board may prescribe, to patients, for diagnostic and other non-therapeutical purposes, where such practitioners conform to the requirements of the board as regards knowledge ,training and experience in the administering of such remedies, subject to such further conditions as the board may from time to time determine.

Written recognition

52. The board shall issue a certificate to each person recognised by it as a radiotherapist, or medical practitioner competent to administer radioactive material, or as a medical physicist in order to give effect to such recognition.

Authority to be in Possession of and to Use Radioactive Material

General authority

53. A general authority may be issued to hospitals and institutions to be in possession of and to use unlimited quantities of any radioactive material, with the exception of radioteletherapy sources, for medical purposes, on condition that—

(1) the hospital or institution appoints a local committee to control the use and administration of radioactive material to patients;

49. (1) Die normalerwys blootgestelde gedeelte van die verseëlde bron soos vir gebruik geïnstalleer, moet waar nodig meganies teen onopsetlike beskadiging en afskuring beskerm word deur die voorsiening van 'n doeltreffende afskerming. In geval van enige beskadiging van hierdie afskerming, moet die eenheid dadelik aan gebruik onttrek word en mag dit nie weer in gebruik gestel word voordat die afskerming doeltreffend herstel is nie.

(2) Elke verseëlde bron moet voorsien word van 'n dekplaat, afsluiter of skerm wat maklik, stewig en vinnig in posisie geplaas of beweeg kan word om die nuttige straal af te sluit. Elke toestel van hierdie aard moet toereikende beskerming bied aan alle persone, met inbegrip van dié wat die verseëlde bron of enige masjinerie of installasie in die onmiddellike nabyheid daarvan installeer, verwyder, vervoer of onderhou. Elke dekplaat, afsluiter of skerm wat ooreenkomstig hierdie subvoorwaarde voorsien word, moet gebruik word.

(3) Waar instandhoudingswerk deur enige persoon of persone op hierdie apparaat gedoen word, is so 'n persoon persone ook onderhewig aan die vereistes van die voorwaardes.

(4) Die houer van elke verseëlde bron moet duidelik gegraveer, gestempel of op 'n ander manier permanent gemerk word om 'n waarskuwing teen onnodige blootstelling aan straling te gee.

MEDIESE TOEDIENING VAN RADIOAKTIEWE MATERIAAL EN STRALING

Let wel.—voorwaardes 50 tot 70 is slegs van toepassing op die toediening van radioaktiewe materiaal en straling aan pasiënte vir mediese doeleindes.

Magtiging vir Mediese Toediening

Radioterapeute

50. Radioterapeute wat kragtens voorwaarde 1 (ix) erken is deur die raad, mag radioaktiewe materiaal aan pasiënte toedien en pasiënte met teleterapiebronne behandel.

Mediese praktisyns

51. Magtiging kan aan mediese praktisyns verleen word om deur die raad voorgeskrewe aktiwiteite van sekere radioaktiewe materiaal vir diagnostiese en ander nieterapeutiese doeleindes aan pasiënte toe te dien waar sodanige persone aan die vereistes van kennis, opleiding en ervaring in die aanwending van sulke middels voldoen, en onderhewig aan sodanige verdere voorwaardes soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal.

Skriftelike erkenning

52. Die raad moet aan elke persoon, wat hy as 'n radioterapeut of mediese praktisyn bevoeg om radioaktiewe materiaal toe te dien, of as mediese fisikus erken, 'n sertifikaat uitreik ten effekte dat hy as sodanig erken is.

Magtigings om Radioaktiewe Materiaal te Besit en te Gebruik

Algemene magtiging

53. 'n Algemene magtiging kan aan hospitale en inrigtings verleen word om onbeperkte hoeveelhede van enige radioaktiewe materiaal met die uitsondering van teleterapiebronne, te besit en vir mediese doeleindes te gebruik, op voorwaarde dat—

(1) die hospitaal of inrigting 'n plaaslike beheerkomitee oor die gebruik en toediening van radioaktiewe materiaal aan pasiënte aanstel;

(2) the services of a full-time medical physicist are available;

(3) such equipment, facilites and personnel as the board may require, are available.

Limited authority

54. Where the prescribed conditions for a general authority cannot be complied with, the board may grant limited authorities to hospitals and institutions to be in possession of and to use radioactive material, on condition that—

(1) the medical administration of radioactive material is done under the direct control of a doctor authorised by the board to administer such material to patients; and

(2) a medical physicist is available—

(i) for consultation by the doctor, if required; and

(ii) for the safe handling and disposal of radioactive material;

(3) such equipment, facilities and personnel as the board may require, are available.

Authority to private practitioners

55. (1) A radiotherapist or medical practitioner authorised by the board to administer radioactive material to patients, may be authorised to be in possession of and to use radioactive material in his private paractice, provided that he has available such equipment, facilities and personnel as the board may require.

(2) The board may also from time to time prescribe what activities and types of radioactive material may be subdivided by a medical practitioner without the assistance of a medical physicist.

Beta-ray applicator

56. (1) Each beta-ray applicator shall be calibrated by a person or institution authorised thereto by the board before it is taken into use, and at intervals of five years at the most, and a certificate valid for five years shall be issued, indicating the dose-rate at the time of calibration.

(2) Authority to hold and use a beta-ray applicator, may be issued to a radiologist where the board is satisfied that the applicant possesses sufficient knowledge, training and experience in the therapeutic application of and the dangers associated with the use of that particular nuclide, and that the beta-ray applicator, when not in use for therapeutic purposes, is stored in a container providing shielding to the satisfaction of the board.

Teletherapy sources

57. Authority to hold and to use a teletherapy source may be granted to a hospital, institution or radiotherapist in private practice, subject to the following requirements:—

(1) That a medical physicist is available—

(i) for consultation by the radiotherapist using the teletherapy source; and

(ii) for the safe handling of the loaded beam apparatus;

(2) that the teletherapy isotope source is placed permanently in a beam apparatus of a design approved by the board;

(3) that the loaded beam apparatus is permanently housed in a treatment room approved by the board;

(2) die dienste van 'n voltydse mediese fisikus beskikbaar is;

(3) sodanige toerusting, fasiliteite en personeel as wat die raad nodig ag, beskikbaar is.

Beperkte magtiging

54. Waar die voorgeskrewe vereistes vir 'n algemene magtiging nie nagekom kan word nie, kan die raad beperkte magtigings aan hospitale en inrigtings verleen vir die besit en gebruik van radioaktiewe materiaal; op voorwaarde dat—

(1) die mediese toediening van die radioaktiewe materiaal onder die direkte beheer van 'n medikus wat deur die raad daartoe gemagtig is om sodanige radioaktiewe materiaal aan pasiënte toe te dien, gedoen word; en

(2) 'n mediese fisikus beskikbaar is—

(i) vir raadpleging deur die medikus as dit nodig is; en

(ii) vir die veilige hantering en wegruiming van radioaktiewe materiaal;

(3) sodanige toerusting, fasiliteite en personeel as wat die raad nodig ag, beskikbaar is.

Magtiging aan geneeshere in private praktyk

55. (1) 'n Radioterapeut of mediese praktisyn, wat deur die raad gemagtig is om radioaktiewe materiaal aan pasiënte toe te dien, kan deur die raad gemagtig word om radioaktiewe materiaal te besit en in sy private praktyk te gebruik, mits hy die toerusting, fasiliteite en personeel, wat die raad nodig ag, beskikbaar het.

(2) Die raad kan ook van tyd tot tyd voorskryf watter aktiwiteite en soorte radioaktiewe materiaal deur 'n mediese praktisyn onderverdeel mag word sonder hulp van 'n mediese fisikus.

Betastraaltoedieners

56. (1) Elke betastraaltoediener moet geyk word deur 'n persoon of inrigting deur die raad daartoe goedgekeur voordat dit in gebruik geneem word, asook met tussenposes van hoogstens vyf jaar, en 'n sertifikaat wat vir vyf jaar geldig is, moet uitgereik word waarin die dosistempo ten tye van yking aangedui word.

(2) Magtiging om 'n betastraaltoediener te besit en te gebruik, kan aan 'n radioloog verleen word waar die raad tevrede is dat hy voldoende kennis, opleiding en ervaring in die terapeutiese aanwending en van die gevare verbonde aan die gebruik van daardie besondere nuklied het en dat die betastraaltoediener, wanneer dit nie vir terapeutiese doeleindes in gebruik is nie, in 'n houer wat tot tevredenheid van die raad afskerming bied, opgeberg word.

Teleterapiebronne

57. Magtiging om 'n teleterapiebron te besit en te gebruik, kan aan 'n hospitaal; inrigting of radioterapeut in private praktyk verleen word, onderworpe aan die volgende vereistes:—

(1) Dat 'n mediese fisikus beskikbaar is—

(i) vir raadpleging deur die radioterapeut wat die teleterapiebron gebruik; en

(ii) vir die veilige hantering van die gelaaide stralingsapparaat;

(2) dat die teleterapiebron permanent in 'n stralingsapparaat van 'n ontwerp wat deur die raad goedgekeur is, geplaas word;

(3) dat die gelaaide stralingsapparaat permanent in 'n behandelingskamer wat deur die raad goedgekeur is, gehuisves word;

(4) that, where the installation of the teletherapy source in the beam apparatus is undertaken, it shall be carried out under the supervision of a physicist authorised thereto by the board;

(5) that where the installation of a teletherapy source is undertaken, adequate protection shall be ensured and all persons associated with such installation shall wear pocket dosimeters to record the radiation dose received by each person, and a return of the doses as well as a detailed report on the installation of the source shall be forwarded simultaneously to the board;

(6) that no teletherapy source may be removed from its beam apparatus or treatment room without the prior consent of the board, and such removal shall be done under conditions which provide adequate protection for all persons.

Research

58. Authority for the conducting of research examinations of human beings with radioactive material may be given by the local committee of control, subject to the following conditions:—

(1) That these examinations be limited to training hospitals and similar institutions;

(2) that all such examinations be made under the supervision of the said committee;

(3) that all applications for authority to use radioactive material for such examinations be submitted in writing to the local committee of control of the hospital or institution by the head of the division where the research officer concerned is working. Such applications must contain detailed particulars, namely the real purpose and scope of the project, the number of persons to be concerned therewith, their respective ages, the chemical form of the radioactive nuclide and the activity to be administered, counting techniques, etc.;

(4) that the written consent of each individual or his/her guardian be obtained prior to the commencement of the examination;

(5) that the local committee of control forward a reply to the applicant within 30 days after receipt of the application to conduct the examination. At the same time the said committee shall forward a copy of the application and its resolution on the matter to the board;

(6) that a permanent record of each examination be retained by the head of the division under whom the research officer concerned works. This record must contain *inter alia* the following: The written permission of the local committee of control, as well as the written consent of the individual concerned giving his/her full name, age, identity number and the quantity of the radioactivity administered;

(7) that the board may forthwith cancel such examination if it is deemed undesirable by the board.

Local Committee of Control

Constitution

59. The local committee of control referred to in condition 53 (1) shall be constituted as follows:—

(*a*) *Chairman.*—The head of the department of radiology or the head of the department of radiotherapy, where such departments are organised separately.

(*b*) *Member.*—A radiotherapist.

(*c*) *Member.*—A medical physicist.

(*d*) *Member.*—A pathologist.

(*e*) *Member.*—A physician.

(4) dat, waar die installering van die teleterapiebron in die stralingsapparaat onderneem word, dit onder die toesig van 'n fisikus wat deur die raad daartoe gemagtig is, onderneem word;

(5) dat wanneer 'n teleterapiebron geïnstalleer word, toereikende beskerming verseker word en alle persone wat daarmee te doen het, sakdosismeters dra om die stralingsdosis wat elke persoon ontvang, te registreer en dat 'n opgawe van die dosisse, tesame met 'n volledige verslag oor die installering van die bron, aan die raad gestuur word;

(6) dat geen teleterapiebron uit sy stralingsapparaat of behandelingskamer verwyder mag word sonder die voorafverkreë toestemming van die raad nie en dat sodanige verwydering met toereikende beskerming aan alle persone geskied.

Navorsing

58. Toestemming vir die uitvoer van navorsingsondersoeke met radioaktiewe materiaal op mense, kan deur die plaaslike beheerkomitee verleen word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:—

(1) Dat hierdie ondersoek tot opleidingshospitale en soorgelyke inrigtings beperk bly;

(2) dat alle sodanige ondersoeke onder toesig van genoemde komitee uitgevoer word;

(3) dat alle aansoeke om magtiging vir die gebruik van radioaktiewe materiaal vir sodanige ondersoeke skriftelik aan die plaaslike beheerkomitee van die hospitaal of inrigting gerig word en wel deur die hoof van die afdeling waar die betrokke navorser werk. Sodanige aansoeke moet volle besonderhede bevat, dit wil sê die werklike doel en omvang van die projek, die aantal persone wat by die ondersoek betrek sal word en hul ouderdomme, die chemiese vorm van die radionuklied en die aktiwiteit wat toegedien sal word, teltegnieke, ens.;

(4) dat die skriftelike toestemming van elke indiwidu of sy/haar voog voor die begin van die ondersoek verkry word;

(5) dat die plaaslike beheerkomitee binne 30 dae na ontvangs van die aansoek om die ondersoek uit te voer 'n antwoord aan die applikant stuur en terselfdertyd 'n afskrif van die aansoek aan die raad, tesame met die komitee se besluit daaroor;

(6) dat 'n permanente rekord van elke ondersoek deur die afdelingshoof onder wie die navorser werk, gehou word. Hierdie rekord moet onder meer die volgende bevat: Die skriftelike toestemming van die plaaslike beheerkomitee asook dié van elke indiwidu wat by die ondersoek betrek sal word, tesame met sy/haar volle naam, ouderdom, persoonsnommer en die hoeveelheid radioaktiwiteit wat toegedien is;

(7) dat die raad so 'n ondersoek dadelik kan aflas indien die raad dit as onwenslik beskou.

Plaaslike Beheerkomitee

Samestelling

59. Die plaaslike beheerkomitee in voorwaarde 53 (1) vermeld, moet soos volg saamgestel wees:—

(*a*) *Voorsitter.*—Die hoof van die afdeling radiologie of die hoof van die afdeling radioterapie, waar sulke afdelings afsonderlik georganiseer is.

(*b*) *Lid.*—'n Radioterapeut.

(*c*) *Lid.*—'n Mediese fisikus.

(*d*) *Lid.*—'n Patoloog.

(*e*) *Lid.*—'n Internis.

Membership of a part-time radiotherapist

60. With the approval of the board a hospital or institution may nominate a radiotherapist who is in its part-time service as a member of the local committee of control.

Alternate members

61. Alternates to members of a local committee of control may be appointed with the approval of the board.

Responsibilities

62. (1) The local committee of control shall—

(i) see to it that the administration of radioactive material to patients for diagnostic purposes takes place only under direct control of an authorised medical practitioner, and the treatment of patients with radioactive material only under direct control of an authorised radiotherapist;

(ii) be responsible for the daily decisions in respect of the use and handling of radioactive material at the hospital or institution;

(iii) be responsible for compliance with these conditions;

(iv) satisfy themselves that any person handling radioactive material, or apparatus containing such material, with their approval, is medically fit and has adequate knowledge and experience to handle such material or apparatus;

(v) ensure that all persons working with radioactive material are fully conversant with the health and safety measures and operating instructions applicable to the radioactive material under their control;

(vi) in case of fire, floods, cyclones and similar emergencies, warn all persons engaged in salvage and protection work of the radioactive material under their control;

(vii) annually, on the 31st December, submit to the holder of the authority a report containing the following information:—

(*a*) Particulars of the sealed radioactive sources in the possession of the institution;

(*b*) particulars of the equipment and hospital facilities available;

(*c*) particulars of the medical practice followed in the different therapeutic treatments at the institution;

(*d*) particulars of the physical practices followed, including the methods of standardising equipment and carrying out leak tests;

(*e*) a list of the members of the local committee of control;

(*f*) the total number of patients examined and treated with radioactive material, classified according to each of the different isotope techniques;

(*g*) particulars relating to the disposal of radioactive waste.

A copy of such report shall forthwith be transmitted by the holder of the authority to the board.

(2) Where no local committee of control exists, the board may require that the duties specified in subcondition (1) be carried out by the holder of the authority.

Lidmaatskap deur 'n deeltydse radioterapeut

60. Met die goedkeuring van die raad kan 'n hospitaal of inrigting 'n radioterapeut wat deeltyds in sy diens is, as lid van die plaaslike beheerkomitee benoem.

Plaasvervangende lede

61. Plaasvervangers vir lede van 'n plaaslike beheerkomitee kan met goedkeuring van die raad aangestel word.

Verantwoordelikhede

62. (1) Die plaaslike beheerkomitee—

(i) moet toesien dat die toediening van radio-aktiewe materiaal aan pasiënte vir diagnostiese doeleindes slegs onder direkte beheer van 'n gemagtigde mediese praktisyn plaasvind en dat die behandeling van pasiënte met radioaktiewe materiaal slegs onder direkte beheer van 'n gemagtigde radioterapeut plaasvind;

(ii) is verantwoordelik vir die daaglikse besluite in verband met die gebruik en hantering van radioaktiewe materiaal by die hospitaal of inrigting;

(iii) is verantwoordelik vir die nakoming van hierdie voorwaardes;

(iv) moet hom tevrede stel dat enigiemand wat radioaktiewe materiaal of apparaat wat sodanige materiaal bevat, met sy goedkeuring hanteer, medies geskik is en oor voldoende kennis en ervaring beskik om sodanige materiaal of apparaat te hanteer;

(v) moet toesien dat alle persone wat met radioaktiewe materiaal werk, ten volle op hoogte is van die gesondheids- en veiligheidsmaatreëls en gebruiksvoorskrifte van toepassing op die radioaktiewe materiaal onder hulle beheer;

(vi) moet, in geval van brand, oorstroming, siklone en dergelike noodtoestande, alle persone wat bergings- en beskermingswerk doen, teen die radioaktiewe materiaal onder sy beheer waarsku;

(vii) moet jaarliks op 31 Desember aan die gemagtigde 'n verslag voorlê wat die volgende inligting bevat:—

(*a*) besonderhede van die verseëlde radioaktiewe bronne in besit van die inrigting;

(*b*) besonderhede van die beskikbare toerusting en hospitaalfasiliteite;

(*c*) besonderhede van die mediese praktyk wat met die verskillende terapeutiese behandelings by die inrigting gevolg word;

(*d*) besonderhede van die fisiese praktyke wat gevolg word, met inbegrip van die metodes om toerusting te standaardiseer en lektoetse uit te voer;

(*e*) 'n lys van die lede van die plaaslike beheerkomitee;

(*f*) die totale aantal pasiënte ondersoek en behandel met radioaktiewe materiaal, ingedeel volgens elke van die verskeie isotooptegnieke; en

(*g*) besonderhede omtrent die wegruiming van radioaktiewe afval.

'n Afskrif van sodanige verslag moet onverwyld deur die gemagtigde aan die raad gestuur word.

(2) Waar daar geen plaaslike beheerkomitee bestaan nie, kan die raad vereis dat pligte in subvoorwaarde (1) genoem, deur die gemagtige uitgevoer word.

Facilities for Use by Medical Physicist

Laboratory for low activities

63. Suitable laboratory space shall be provided for the medical physicist in which he can handle ,store, monitor, calibrate or dispose of small quantities of radioactive material.

Laboratory for high activities

64. The medical physicist shall be provided with suitable laboratory space, to the satisfaction of the board, for the handling and storing of highly active materials.

Hospitalisation of Patients

Provision of separate wards

65. Patents with radioactive material in or on their bodies, who record dose-rates higher than 2½ milliroentgens per hour at a distance of one metre from the patient, shall be accommodated only in wards reserved for such patients and for other patients also undergoing treatment with either X-ray above 180 kVp or therapeutic doses of radioactive material.

Facilities in wards

66. The wards mentioned in condition 65 shall, to the satisfaction of the board, be equipped with separate facilities for the storage of clean and radioactively contaminated articles and linen.

Protection of staff and other patients

67. Adequate protection against external irradiation shall be provided in the wards for all members of the staff and for other patients who are not being treated with radiation.

Handling of Radioactive Cadavers

Responsibility

68. When a patient who has been treated with radioactive material dies in a hospital or institution, it shall be the duty of the doctor who pronounces him dead to immediately advise the medical practitioner in charge of the case, or his designated representative, who shall indicate whether the body is radioactive or not.

Autopsies

69. Where an autopsy is required on a body containing radioactive material the medical practitioner in charge of the case or his designated representative shall give written notice to the responsible pathologist.

Report

70. The medical physicist or the medical practitioner responsible for the administering of the radioactive material, or their designated representatives, shall prepare a report, in a form approved by the board, on every cadaver containing more than five millicuries of radioactive material. When the body is handed to the funeral director, it shall be accompanied by this report.

Fasiliteite vir Gebruik deur Mediese Fisikus

Laboratorium vir lae aktiwiteite

63. Geskikte laboratoriumruimte moet tot beskikking van die mediese fisikus gestel word, waarin hy klein hoeveelhede radioaktiewe materiaal kan hanteer, opberg, monitor, yk of wegruim.

Laboratorium vir hoë aktiwiteite

64. Die mediese fisikus moet tot tevredenheid van die raad van geskikte laboratoriumruimte vir die hantering en opberging van hoë aktiwiteite voorsien word.

Hospitalisasie van Pasiënte

Voorsiening van aparte sale

65. Pasiënte met radioaktiewe materiaal in of op hulle liggame wat dosistempo's van meer as twee-en-'n-half milliroentgen per uur op 'n afstand van een meter van die pasiënt af registreer, moet in sale wat afgesonder is vir sodanige pasiënte en vir ander pasiënte wat ook behandeling ontvang met òf X-strale met 'n energie hoër as 180 kVp òf terapeutiese dosisse van radioaktiewe materiaal, gehuisves word.

Fasiliteite in sale

66. Die sale in voorwaarde 65 genoem, moet tot tevredenheid van die raad toegerus wees met fasiliteite vir die afsonderlike opberging en hantering van skoon en radioaktief gekontamineerde artikels en linnegoed.

Beskerming van personeel en ander pasiënte

67. Die sale moet toereikende beskerming teen uitwendige straling aan alle personeellede en ander pasiënte wat nie met straling behandel word nie, bied.

Hantering van Radioaktiewe Lyke

Verantwoordelikheid

68. As 'n pasiënt aan wie radioaktiewe materiaal toegedien is, in 'n hospitaal of inrigting te sterwe kom, moet die geneesheer wat hom dood verklaar, die mediese praktisyn met toesig oor die geval of sy aangewese verteenwoordiger, dadelik daarvan in kennis stel, wat moet aandui of die lyk radioaktief is al dan nie.

Lykskouings

69. Wanneer dit nodig is om 'n lykskouing uit te voer op 'n lyk wat radioaktiewe materiaal bevat, moet die mediese praktisyn met toesig oor die geval of sy aangewese verteenwoordiger, skriftelik daarvan aan die verantwoordelike patoloog kennis gee.

Verslag

70. Die mediese fisikus of mediese praktisyn verantwoordelik vir die toediening van radioaktiewe materiaal of hulle aangewese verteenwoordigers, moet 'n verslag opstel oor elke lyk wat meer as vyf millicurie radioaktiewe materiaal bevat, in 'n vorm deur die raad goedgekeur. Hierdie verslag moet saam met die lyk aan die begrafnisondernemer oorhandig word.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 1823 11 October 1968

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION 10 *TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section 10 *ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of section 5 (1) (*e*) of the said Act whereby the undermentioned person was prohibited from attending gatherings: —

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 1823 11 Oktober 1968

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 10 *TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 *ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel 5 (1) (*e*) van genoemde Wet uitgereik is en waarby die ondergenoemde persoon verbied is om byeenkomste by te woon: —

Name Naam	Address mentioned in notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which notice takes affect Datum waarop kennisgewing in werking tree	Date on which notice expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Arenstein, Jacqueline.....	Flat/Woonstel 7, Gordonstown, 153 Currie Road/weg 153, Durban.	31/8/68	31/8/73

No. 1824 11 October 1968

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION 10 *TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section 10 *ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of section 9 (1) of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings: —

No. 1824 11 Oktober 1968

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 10 *TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 *ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet uitgereik is en waarby die ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon: —

Name Naam	Address mentioned in notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which notice was delivered Datum waarop kennisgewing oorhandig is	Date on which notice expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Masiza, Allison.....	Dyamala Location/-lokasie, Alice, District of Victoria East/Distrik Victoria-Oos.	6/8/68	30/6/70
Mayekiso, Caleb.....	33 Ferguson Road/-weg 33, New Brighton, Port Elizabeth	19/8/68	31/8/70
Mda, Leslie.....	13 Gqamlana Street/-straat 13, New Brighton, Port Elizabeth.	19/8/68	31/8/70
Tshaka, Hilda.....	7834 Kwazakele, New Brighton, Port Elizabeth.....	13/8/68	31/8/70

No. 1844 11 October 1968

OVAMBOLAND TRUST FUNDS. — ALTERATION OF THE ANNUAL RATE AND DETERMINATION OF THE EQUIVALENT VALUE THEREOF IN KIND IN RESPECT OF THE UKUANYAMA TRIBE

The State President has been pleased, in terms of the powers vested in him—

(*a*) by section 3 (6) of the Ovamboland Affairs Proclamation, 1929 (South-West Africa Proclamation No. 27 of 1929), as amended, read with section 3 of the South-West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act No. 56 of 1954), as amended, to determine that the amount of the annual rate, mentioned in South-West Africa Government Notice No. 169 of 1942, as amended by South-West Africa Government Notices Nos. 229 of 1954 and 283 of 1954 and Republic of South Africa Government Notices Nos. 1503 of 1957 and 2086 of 1959, in respect of the annual rate which is payable by the members of the tribes and aggregate of tribes mentioned in South-West Africa Government Notice No. 127 of 1929, shall, in the case of the Ukuanyama Tribe, be increased from 15 shillings per annum to 2 rand per annum with effect from the first day of January 1969; and

(*b*) by section 3 (7) of South-West Africa Proclamation No. 27 of 1929, as amended, read with section 3 of the said Act No. 56 of 1954, to determine that, in respect of the payment of such rate by the taxpayers of the Ukuanyama Tribe, the equivalent value in kind shall be four 4-gallon petrol tins or two-thirds of a grainbag of the millet known in Ovamboland as "Omahangu".

(F53/25/1281.)

No. 1844 11 Oktober 1968

OVAMBOLANDSE TRUSTFONDSE. — WYSIGING VAN DIE JAARLIKSE BELASTING EN VASSTELLING VAN DIE EKWIVALENTE WAARDE DAARVAN *IN NATURA* TEN OPSIGTE VAN DIE UKUANYAMASTAM

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen—

(*a*) by artikel 3 (6) van die Ovambolandse Aangeleenthede Proklamasie, 1929 (Suidwes-Afrika-proklamasie No. 27 van 1929), soos gewysig, gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet No. 56 van 1954), soos gewysig, te bepaal dat die bedrag van die jaarlikse belasting genoem in Suidwes-Afrika-goewermentskennisgewing No. 169 van 1942, soos gewysig by Suidwes-Afrika-goewermentskennisgewings Nos. 229 van 1954 en 283 van 1954 en Republiek van Suid-Afrika-goewermentskennisgewings Nos. 1503 van 1957, en 2086 van 1959, ten opsigte van die jaarlikse belasting wat betaalbaar is deur lede van die stamme en aggregaat van stamme genoem in Suidwes-Afrika-goewermentskennisgewing No. 127 van 1929 verhoog word in die geval van die Ukuanyamastam van 15 sjielings per jaar tot 2 rand per jaar met ingang van die eerste dag van Januarie 1969; en

(*b*) by artikel 3 (7) van Suidwes-Afrika-proklamasie No. 27 van 1929, soos gewysig, gelees met artikel 3 van genoemde Wet No. 56 van 1954, te bepaal dat ten opsigte van die betaling van sodanige belasting deur die belastingbetalers van die Ukunyamastam die ekwivalente waarde *in natura* vier 4-gellingpetrolblikke of twee-derdes van 'n graansak is van die manna wat in Ovamboland as „Omahangu" bekend is.

(F53/25/1281.)

DEPARTMENT OF PRISONS

No. R. 1865 11 October 1968

AMENDMENT OF THE PRISON REGULATIONS

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section 94 of the Prisons Act, 1959 (Act No. 8 of 1959), as amended, to approve that the Prison Regulations, published under Government Notice No. R. 2080 of 31 December 1965, be amended as follows:—

Regulation 3 is amended by substituting the following for the heading and subregulation (1) (*a*):—

"(B) Ranks and Designations.

Order of Precedence

3. (1) The ranks and designations in the Prisons Service, in order of precedence, shall be as follows:—

(*a*) Whites—Commissioned Officers.
The Commissioner of Prisons;
Chief Deputy-Commissioner: Lieutenant-General.
Deputy-Commissioner: Major-General.
Assistant-Commissioner: Brigadier.
Colonel.
Lieutenant-Colonel.
Major.
Captain.
Lieutenant."

Amendment Slip No. 4.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE

No. R. 1865 11 Oktober 1968

WYSIGING VAN DIE GEVANGENISREGULASIES

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 94 van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959), soos gewysig, goed te keur dat die Gevangenisregulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. R. 2080 van 31 Desember 1965, soos volg gewysig word:—

Regulasie 3 word gewysig deur die opskrif en subregulasie 1 (*a*) deur die volgende te vervang:—

„(B) Range en Ampstitels.

Voorranglys

3. (1) Die range en ampstitels in die Gevangenisdiens, in volgorde van voorrang, is soos volg:—

(*a*) Blankes—Offisiere.
Die Kommissaris van Gevangenisse: Generaal.
Hoofadjunk-kommissaris: Luitenant-generaal.
Adjunk-Kommissaris: Generaal-majoor.
Assistent-kommissaris: Brigadier.
Kolonel.
Luitenant-kolonel.
Majoor.
Kaptein.
Luitenant."

Wysigingstrokie No. 4.

DEPARTMENT OF DEFENCE

No. R. 1867 18 October 1968

AMENDMENTS TO THE GENERAL REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE AND THE RESERVE

The State President has, in terms of section 87 (1) of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), amended the General Regulations for the South African Defence Force and the Reserve promulgated under Government Notice No. R. 276, dated 25 February 1966, as follows:—

Chapter IX of the General Regulations for the South African Defence Force and the Reserve is hereby amended by the insertion of the following regulation and side heading after regulation 64:—

"*Special Membership*

